
DEEL II.

**DIE EERSTE AFRIKAANSE TAALBE-
WEGING.**



HOOFSTUK I.

DIE BETEKENIS VAN DIE GENOOTSKAP.

Toespraak Gelewer

deur G. R. VON WIELLIGH,

Voor die Afrikaanse Studentebond, Potchefstroom,
14 Augustus, 1925.

DIE onderwerp wat ons gekies het om oor te gesels is: *Die Betekenis van die Genootskap van Regte Afrikaners*. Dit is vir ons om uit te vind of die ou Baanbrekers hul spore in ons geskiedenis na gelaat het en watter invloed dit op die Afrikanerdom uitgeoefen het. Wat was die doel van die ou Genootskappers, en het hulle die doel bereik?

In die Algemene Bepalings van hul konstitusie, Deel II, word verklaar:— Die doel van ons Genootskap is: *Om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land.*

Hiermee word in kragtige bewoording verklaar, dat die Genootskap drie vestings gaan aanval—drie vestings wat aan die Afrikaners behoort, maar deur hulle nog nie ingeneem is nie. Met ander woorde, die Genootskap organiseer om 'n letterkundige, 'n kulturele en 'n politieke stryd—kom wat wil—hardnekkig deur te veg. Doelbe-

wus het hulle die plan opgevat om uit die spreektaal 'n skryftaal te ontwikkel; om die onbevoorregte en verenigste volk tot besef van eie waarde en selfrespek te bring, en om die volk op te voed om hulself te kan regeer. Voorwaar, 'n reuse-onderneming deur 'n genootskap waarvan die meerderheid van die lede onder die dertig jaar was, en dit sonder geld of invloed. Maar hul vertroue vir die goeie saak was op God, die bestierder van alles wat bo en onder die son geskied. Vir dié doel het elke lid gereeld op 'n vasgestelde uur eenmaal per week hom in eensaamheid afgesonder.

DIE LETTERKUNDIGE VESTING

was die vernaamste stelling om te verower; eenmaal oormeester sou dit met die kulturele en politieke stryd makliker gaan—maar tog nie sonder verwoede aanvalle nie. Hierom wens ons om besondere belangstelling aan hierdie feit te betoon en sal dit iets breedvoeriger behandel as die ander twee.

Te veel waarde word geheg aan die 1861-dokument oor die afskeiding van die Oostelike Provinsie, Kaapland—miskien meer as dit vir die Afrikaanse Taalbeweging werd is. As ons die taal daarvan gaan bestudeer, dan is dit niks anders nie as die soort Hollands wat ons ou mense, met minder skoolkanse, vroeër geskryf het, en vandag nog skrywe. In ons argiewe sal ons nog baie sulke taal vind. Ons stap hierdie punt maar verby en kom tot

DIE DAGERAAD VAN DIE SKRYFTAAL,

naamlik tot die tydperk van ontwaking. Net soos in die materiële wêreld behoort die Dageraad sowel tot die nag as tot die dag; die meerderheid sluimer dan eers lekker; hier en daar verlaat een sy vere en is dood-tevrede om die sluimeraars hul rus te gun. Maar tog is daar een of ander wat sy stem „Staan op!” laat weerklink. So was dit ook gesteld met die Dageraad van die Afrikaanse Skryftaal. Sommige het ontdek dat ons 'n spraak van ons eie het; maar daar was nog te veel vaak in hul oë, so sien hulle Afrikaans vir 'n Hotnots- of Kombuistaal aan, bespot dit, verwerp dit en hunker toe terug na die vleispotte van Egipte wat deur hul voorouers lank gelede anderkant die Rooi See in daardie land agtergelaat is.

Dit was in hierdie tydverdeling dat Arnoldus Pannevis in 1866 in Kaapstad voet aan wal gesit het en die eerste persoon was wat die waarde van Afrikaans as taal ontdek het, maar dit het hom jare geneem om 'n dosyn Afrikaners te oortuig dat hulle die Hollandse Bybel na eis nie verstaan nie. Hy wou somar op staande voet die Bybel in die spreektaal oorsit — net soos die geval met inboorlingtale waarvan geen skryfvorm of letterkunde bestaan nie. Selfs sy intiemste vriende kon hulle met sy onpraktiese voorstel nie verenig nie. Hy wend hom na die koerante; maar dit het die saak eer kwaad as goed gedoen om die Heilige Skrif in 'n kombuistaal oor te sit; want so baie het te kenne gegee: „Ondersteun ek Afrikaans as skryftaal, dan sny ek my eie keel af om medeplichtig te wees om godslastering te pleg.” Om hierdie rede het baie teruggestaan om Afrikaans 'n skryfvorm te gee.

Reeds in 1870 het President Reitz vir tydverdryf en vermaak van lesers sy Afrikaanse gedigte begin skrywe. In 1872 het C. P. Hoogenhout se *Geskiedenis van Josef* en iets later sy *Samesprake* verskyn. Pannevis egter het die Bybelvertaling op die brein en dit het—soos ons almal weet — gelei tot

DIE STIGTING VAN DIE OU GENOOTSAP.

In verband met hierdie groot gebeurtenis in ons taalgeskiedenis kom ons tot 'n tydstip wat wel deeglik ons aandag verdien. Wie in 'n goddelike voorbeskikking glo, moet verklaar, dat hierdie tydstip die beste een was wat ooit gekies kan geword het. Wat die Afrikaanse spreektaal betref, het dit sy volle ontwikkeling deurgemaak; aan 'n skryfvorm was toe nog nie gepeuter nie, dus het die Genootskap 'n skoon stuk papier voor hulle gehad; die volk het nog gesluimer en het toe nog nie 'n aangenome rigting ingeslaan nie, en gevolglik vatbaarder om nuwe indrukke te ontvang. Dit is almal punte wat ten gunste van die tydkeuse was. Maar sou die oprigting op 'n later tydstip nie plaasgevind het nie, dan het daar groot gevaar bestaan, dat die hele Afrikaanse Taalbeweging deur die ywer aan die dag gelê deur die voorstanders van die Vereenvoudiging van die Hollandse Spelling, lam sou geslaan geword het. Dog voor die Vereenvoudiging so kragtig deur Kerk en Staat ondersteun is, het die ou Genootskap vaste wortel in diepe bodem geslaan. Sy

invloed was reeds erken en versprei oor heel Suid-Afrika. En om die kroon bo op alles te plaas: Jong Suid-Afrika was voorbereid, en geesdriftig besiel, om Afrikaans as hul moedertaal te erken en met alle mag te ondersteun met hul groter taalkennis. Het die Genootskap hierdie voorbereidende werk nie op so'n vaste fondament gebou nie, is dit denklik dat Afrikaans dan sy man teen die Vereenvoudiging so dapper kon gestaan het? En as die Vereenvoudiging eers vaste voet in Kerk en Staat, in Skool en Nywerheid geplaas het, wie sou dan nog daaraan gedink het om aandag aan die Hotnotstaal te skenk? Dus God het die regte tyd daarvoor beskik en die regte manne, wat hul man kon staan, daarvoor gekies—nie uit die geleerdes nie, maar uit die staatmakers om die taal van die lippe van die volk te ontvang en dit vir die skryftaal aan te wend. Die materiaal deur die ou garde aan die volk gelever was die onvervalste spraak in die hart van die volk gebore en deur hul lippe so soet verklank. En dié lof kan ek Potchefstroom uit 'n waardeerende hart toeswaai, dat hulle hierdie beginsel vandag nog sterker huldig as miskien enig ander middelpunt van opvoeding. Gaan voort op die ingeslae weg en u sal daar nooit, nooit spyt van hê nie! Ons taal moet wees soos dit ons gedagte verlaat, en slaan die taalkriekies (die vreemde woorde) dood wat so hinderlik vir die gehoor is en wat so skril in ons Afrikaanse ore klink.

DIE VOLK HET LEER LEES.

Want van toe af was hulle teen baie billike pryse voorsien van lektuur wat hulle kon verstaan en volg. Voor die oprigting van die Genootskap het min koerante en nog minder boeke die binnelande ingegaan. Die nuusblaai van daardie tyd was vir die Afrikaners in Hoog-Hollands geskrywe en wel in 'n onaantreklike verhaaltrant wat van oor plaaslike en algemene nuus het die ander lang stukke vir hom geen bekoorlikheid besit nie, waarom sou hy dit lees en waarom sou hy dan vir 'n koerant moet inteken? Want hy verstaan tog nie alles soos hy dit verlang het nie? Ook was hy nie bekwaam genoeg om hom in geskrif vir bydraes tot die nuusblad uit te druk nie. Maar van hy sy *Patriot* en *Ons Klyntji* in sy huis ontvang het, was hy in staat om die betekenis van elke woord en elke sin te verstaan, want dit staan daar geskrywe soos hy dink en praat. Dit op sigself sou nie soveel tot die leeslus bygedra

het nie, was dit nie vir lae intekengelde op die blaaie nie, n.l. een pond vir die *Patriot* en vyf sjielings vir *Ons Klyntji*; boeke was gedruk en verkoop van 'n trippens opwaarts; 'n boek vir 'n halfkroon was baie duur beskou. Die strewe van die Genootskappers was dus nie om geld vir hulle voordeel te maak nie, maar om 'n doofstomme volk die mond en ore oop te maak. Gou het die ondersteuners van die *Patriot* en *Ons Klyntji* gemerk dat groot offeringe op 'n onbaatsugtige wyse vir hul so nodige volksopvoeding gemaak word, dat hulle alle tekorte help dek het. Sou daar 'n geldmakery aan die kant van die Patriotmanne aan die gang gewees het, dan was sake heel anders: die intekenare sou die danige geldmakers in hul eie vet laat smoor het.

Die skrywers het getrag om die volk op te hef, maar vereers nie so hoog om hul voete nie grond te laat kry nie; hulle het op die waterpas van die volk kom staan, maar nie dieper gepeil as hul bodem om dit in te slaan nie. Hulle het hulle onwys gehou om die onwyses hulp te kan aanbied en om hulle te wen. Daarom was dit dat die minder bevoorregtes die Afrikaanse saak die eerste omhels het, want vir die geleerdes van daardie tyd was dit 'n dwaasheid. Die geheim waarmee die skrywers uit die ou garde hul lesers begogel het, het bestaan deur verteerbare leesstof te lewer teen drukkoste.

Waaruit het die verteerbare lektuur bestaan?

Slaan die blaaie van 'n ou *Patriot* of van *Ons Klyntji* na en bestudeer dit. Dan sal die oog getref word deur verhaale in die verlede afgespeel, deur vertellings van heldedade, deur mededelings grensende aan die geheimsinnige wêreld; deur stories wat outa ons verhaal het; deur beskrywings van vreemde gewoontes onder vreemde volke; deur jag- en oorlogsawonture, en so meer. Wat sal die ondersoeker daarin mis? Dit: bydraes met allerhande geleerdhede en kuns opgesmuk—waarin die onbevoorregtes tog geen belang stel nie, en die geleerdes het hulle te geleerd beskou om behae in 'n Hotnotstaal te skeep. Dit kan die hedendaagse letterkundige beoordelaars maar nie begryp nie. Gelukkig hulle was in die aanvangsperiode nie daar om die ou praktiese skrywers uit hul veilige ossewaens tot bo in die Europese lugskepe te sambok nie, om daar ver uit die hoogte neer te kyk op lesers onder op die grond en wat nie eens die stemme van die lugvaarders kan verstaan nie. Die eerste skrywers, ter wille van hul

onbevoorregte lesers, het die kuns verstaan om kuns te verberg — wat tog maar in hierdie geval die hoogste kuns is. Verder het hulle die verstand besit om geleerdheid vir mense, wat nie eens standerd III bereik het nie, te ver-swyg — die lesers sou daarvan tog niks verstaan het nie. Nee, hulle het hul swak gehou om die swakkes te wen. Hierin het die groot geheim gesit dat hulle so goed ge-slaag het.

Die Genootskappers het van die standpunt uitgegaan: Wanneer die volk eers so ver gevorder het, dan was die poorte oopgespalk wat lei na middelbare en hoër onder-wys. En het hulle hul in hierdie geval misreken? Is hulle beskaamd daarvan afgekome?

DIE KULTURELE BETEKENIS VAN DIE GENOOTSAP

moet vernaamlik gesoek word in die feit dat hulle die volk leer lees het. Wat verryk ons kennis meer as lees? Deur lees maak ons nie alleen kennis met toestande ver buite-kant ons veld van waarneming nie, maar ons leer daardeur ook om kennis te maak met nuwe verbeterings, met die veranderde toestande en met die gedagtes van dinkers met wie ons tog op 'n ander wyse nooit in aanraking sou ge-kom het nie. Dit vermeerder ingelyks ons woordeskat en leer ons om ons beter in woorde uit te druk, alles wat tog niks meer beteken nie as om ons Persoonlikheid daardeur te versterk. Om van enige nut vir die samelewing te wees is 'n sterk of 'n bekoorlike, of 'n innemende Persoon-likheid absoluut noodsaaklik. Hoeveel van ons Afrikaners met buitengewone begaafdhede, het sedert dié tyd geleer om die vereiste Persoonlikheid te ontwikkel en dit tot nut vir hul land aan te wend? Voor dié tyd was die onder-skeiding net die eiendom van die stuk of wat Afrikaners wat die kans geniet het om hoër opleiding te ontvang deur Engels as voertaal. Want Engels was toe alles!

Die Staat was druk besig om die volk deur middel van skole en kantore te verengels, en het taamlik goed daarin gevorder sodat selfs die Hollandse Kerk die hoof begin te buig het; hulle het aan onderwys van die Hollandse taal heel weinig of so te sê geen leidende aandeel geneem nie, sodat selfs die kerktaal daaronder gely het.

Dit alles het die Patriotmanne raakgesien en 'n stem deur die land laat gaan wat nie 'n onseker geluid laat

weerklink het nie. Volg maar die geskifte van daardie dae om uself te oortuig. Kort daarop is die Engelse aandienste in die Hollandse kerke verminder en eindelijk gestaak; na die ou traditiesies was geleidelik teruggekeer en die Afrikaanse skryftaal verower toe vir hom een stelling na die ander, want die oë van die volk begin oop te gaan. Die ander Hollandse koerante, wat eer die vervreemding help bevorder het as om dit af te keur, begin van toe af ook hul stemme te verhef — maar dit alles is die uitvloei-sel van die kultuurstryd deur die ou Genootskap so heftig gevoer. U weet wat gevolg het en daarom is dit onnodig om langer by hierdie punt stil te bly staan, ons sal dus 'n paar gedagtes uitspreek oor

DIE POLITIEKE BETEKENIS VAN DIE GENOOTSKAP.

Juis omdat ons mense vantevore nie gelees het nie, was hulle so onkundig wat op staatkundige gebied aange-gaan het; die groot meerderheid het nie eens gewet dat met die oorgawe van die Kaap aan die Engelse, Hollands sy regte as taal naas die Engelse taal behou het nie. So het die Afrikaanssprekendes van hul eiendomlike regte nie gewet om daarvan gebruik te maak nie. Die verma-ning, om die magte wat oor ons gesteld is onderdanig te wees, het nooit verslap nie. Die Genootskap weer het verkondig om die wettige magte, wat oor ons gestel is, onderdanig te wees — maar as die persone, wat die magte moet uitvoer, die volk onreg aandoen, dan moet daardie persone verbydraf en dit goed op hul baadjie hê, of pad-gee om vir bekwaamer verteenwoordigers van die mag plek te maak.

Hierdeur was die oë van die volk nog wyer geopen en hulle kom tot die oortuiging dat aan hulle 'n gruwelike onreg aangedoen is. Die *Patriot* sweep toe ons veronregte bevolking op om by die Parlement aan te dring om die Hollandse taal tot sy regte te laat kom — wetende dat Afrikaans 'n beter kans sou staan om op die volk 'n vat te kry. Die raadgewing het goeie vrugte van hom afge-werp en u is met die resultaat net so goed as ek bekend.

Maar dit het nog nie die volk gegee wat hulle toekom nie! Ds. S. J. du Toit ontwerp daarop 'n konstitusie wat beoog het om die Afrikaanse volk skouer aan skouer te bring om vir hul politieke regte as een man te veg. Die staatkundige vereniging heet toe die Afrikaner Bond.

Met die reg om Hollands in die Parlement te praat — wat niks anders beteken het nie as om Afrikaans in die Wetgewende Liggaam te gebruik — mag die eentalige Hollandssprekende Afrikaner ook 'n setel neem. En wat die vrugbare gevolge hiervan was, is u eweneens oor en oor goed bekend.

Ons het soëwe gelet op die leiding van die Allerhoogste en die doel wat Hy met die oprigting van die Genootskap van Regte Afrikaners gehad het, asook die tydperk in ons volksgeskiedenis deur Hom uitgekies. Dit het geskied voor die Eerste Vryheidsoorlog in 1880—1881. Die oë van gans Suid-Afrika het reeds op nasionale gebied opegegaan. Die *Patriot* het toe reeds die Transvalers tot lydelike verzet aangespoor; die raadgewing het soveel byval in Transvaal gevind dat flink op die blad ingeteken was; selfs mense, wat ver van 'n poskantoor gewoon het, het saamgespan om beurtelings die koerant te gaan haal en dit gebring na 'n plek waar die bure dit maklik kon afhaal. Verder hoef ek oor hierdie onderwerp nie uit te wei nie, want die slotsom is te goed bekend.

Nou, met dit alles voor ons, wat die ou Genootskap tot stand gebring het, en die soete vrugte wat dit afgewerp het, doen u in algemeen en die Afrikaanse Studentebond in besonder wel om die groot opofferinge van die ou Baanbrekers op prys te stel en dit vyftig jaar na die oprigting van die Genootskap van Regte Afrikaners op waardige wyse feestelik te herdink. Trots voel ek dat ek geroepe is en vandag voor u staan om u daarvoor hartlik te bedank.

die Perl, 15de Sept 1877.

An
die Bestuur van
die Genootskap van Regte Afrikaanders.

Geagte Vriende!

Dit mijn plan om die Perl te verlaat
en die stilte weer op te soek; en nou
wil ik, my ook, so veel als kan, los maak
van alle verbintenisse en verantwoordelik-
hede. Daarom bedank ik voor die lidmaats-
kap van die Genootskap, opskoon mijn gesin-
heid voor die Afrikaanse saak in die minste
nie verander is en, soos ik vertrouwen, nooit
verander sal. So lank als ik lewe, hoop
ik dit met woord en daad te kan toon;
want mijn hart is voor die saak, en ik
bid dageliks dat die Heer dit mag seggen
en voorspoedig maak, en dat Hy alles wat
daarvoor gedaan word, mag laat dien om

tot Syn eer die reg- van die Afrikaanse
sarie uit te ^{wyde} bring en te verseker. Ik
wens dan dat dit julle mag goed gaan,
en dat julle van wysheid, krag, en euer
mag versien wees om die grote doel wat
julle in die oog het, te bereik.

Deur ongesteldheid is ik verhinder om
teuse besluit van myself op die ver-
sadering van vandag te kom bekend
naak; en daarom doe ik dit nou per
brief.

Ik blywe

Julle opregte Vriend

A. Hannes

P.S. Versoek om deuse brief
op die Vergadering van
vandag voor te lees.

41-
5



HOOFSTUK II.

PERSOONLIKE HERINNERINGE VAN DIE PATRIOTMANNE.

Deur G. R. VON WIELLIGH.

DIE bande van ware vrindskap kan wel verslap, maar kan alleen deur die dood verbreek word. In lewe en gees is ons met ons vrinde een, dog dit is wrede afstand wat ons van mekaar skei. Hoe menigmaal het die Patriotmanne in een vertrek vergader, maar is hulle vandag in een kerkhof begrawe? Dit laat ons ver dink!

Onder die lede van die Genootskap van Regte Afrikaners was vername leiers en ook staatsmakers wat daardie leiers getrou deur dik en dun gevolg het. Waar is hulle nou? Behalwe twee oprigters en twee gewone lede is al die ander die ewige rus ingegaan.

Dit is nou 50 jare ná hulle die stryd vir Afrikaans so moedig, met vrees en hoop, met gebed en deurdrywendheid aangepak het. Stil, soos die korale van die oseaan, het hulle uit die diepte die fondament onder storms en teenstand begin bou; niks kon hul stuit nie. In die verborge het hul lede geword, hard met groot opofferinge gewerk tot hulle in ope sonskyn die onstuimige oppervlakte van die bruisende golwe ontmoet het. Hier het hul bouwerk tot stand gekom. En vandag staan op daardie vaste fondament 'n sierlike gebou omring deur 'n pragvolle lushof vervaardig deur jonger, bekwame, ywerige en geesdriftige opvolgers wat onder gunstiger omstandighede die

hand aan die werk geslaan het, maar darem net so hard moes stry.

Hoe graag ek ook al die persoonlikhede van die verborge werkers aan die lesers wil voorstel is daar sekere redes wat my hand vashou om dit na eis te volbring. Die gewigtigste rede is, dat ons lede 'n ooreenkoms getref het, dat as een sou sterf die agterblywendes die afgestorwene in die publieke pers nie mag prys nie, of van hom nie 'n volledige beskrywing mag meedeel nie. Dit kniehalter my om op die versoek 'n artikel oor die Patriotmanne te skryf. Wat ek oor die lede te sê het, het ek reeds in *Eerste Skrywers* (2de druk) en in *Baanbrekerwerk* (nou in die pers) meegedeel. Sou ek die versoek miskien wil oortree, dan lê op twee armlengtes briewe van gestorwe lede wat my aan die verbond herinner. Wat nou gedoen?

Die room is dus van die melk afgeskep, dog ek vertrou dat wat hier volg van belang nie ontbloot sal wees nie:-

Dit was Saterdag, die 14de Augustus, 1875, in die voormiddag. Die suidooster daal die hange van die Klein Drakensteinse gebergtes af, neem 'n vaart oor die vlaktes om stofwarrelings op die Pêrelse strate te maak; dit suis deur die toppe van die eikebome aan weersy van die Pastorielaning waar die woonhuis van Oom Gideon Malherbe staan. In hierdie huis sou vandag 'n baie geheime vergadering plaasvind. Op die vasgestelde tyd loop een, of 'n paar mans in die laning, of oor die destydse ope pleintjie voor die huis reguit na waar Oom Gideon woon. In sy wit drillingse baadjie en wit kurkhoed ontvang hy die verwagte vrinde by die voordeur en lei hulle na sy ruim eetkamer en elkeen neem sitplek om die groot eettafel. Saam met die gasheer was daar agt betreklike jong mans — ons kan amper sê, volgroeide seuns. Pieter Dempers, die sendeling van die Sions-Gemeente het nog nie opgedaag nie, die tyd om te begin was daar en so neem die werksaamhede sonder hom 'n aanvang. Aanwesig was: Gideon Jozua Malherbe (42 jaar oud), Casparus Petrus Hoogenhout (32 jaar), Daniel Francois du Toit (Oom Lokomotief, 29 jaar), ds. Stefanus Jacobus du Toit (27 jaar), Daniël Francois du Toit (Dokter, 26 jaar), Petrus Jacobus Malherbe (Piet Borrie, 22 jaar), August Ahrbeck (24 jaar) en Stefanus G. du Toit (21 jaar).

Onder hulle was geen hoe taalgeleerde nie; behalwe Hoogenhout en Ahrbeck was almal famielie van mekaar en was wynboerseuns en almal was eenvoudig gekleed met

volle baarde. Watter indruk sou die agt daar tesame op 'n toevallige besoeker gemaak het? Die agtal hul persoonlikheid was van die eenvoudige soort wat die aanskouer nooit 'n denkbeeld sou gegee het watter wilsrag daardie jong manne besiel het nie. Toe hul name later bekend geword het, was met veragting op hulle neergesien en die teenstanders het uitgeroep: „Wat! Wil daardie skoolmeesters en Dalse wynboertjies vir ons van 'n Hotnotstaal 'n beskaafde taal maak?”

Ons sal die agt persone 'n bietjie nader beskou:-

Oom Gideon Malherbe was die oudste; ryk was hy nie, maar tog op finansiële gebied was hy die sterkste. As wynboer en eienaar van huurhuise het hy genoeg ingekry om fatsoenlik te lewe. Sy skooljare was so gering in getal, dat dit haas nie werd is om te noem nie, maar hy was 'n gereëldde leser waardeur hy hom self opgewerk het sodat hy later 'n Hollandse brief sonder taalfoute kon skryf. As skoonseun van ds. G. W. A. van der Lingen het hy vry toegang gehad tot die groot boekery van die dominee en hy het daar goed gebruik van gemaak. Hy was kort en geset van postuur en het 'n wonderlike kort stappie gehad. Sy kleredrag was altyd 'n wit baadjie met vaal broek en onderbaadjie. Nooit het iemand hom in die week sonder sy wit kurkhoed gesien nie. Daarby was hy 'n onderhoudende spreker; sy toon was besadig, duidelik sonder hard praat; baie het sy raadgewing gesoek en gevolg. Sy grootste verdienste het dan ook gelê in sy administratiewe insigte en nooit het moeilikhede vir hom te groot gelyk nie. Hy was nie alleen 'n man van woorde nie, maar ook een van dade. So het hy byvoorbeeld die eerste drukpersie van die Genootskap in sy woonhuis geplaas en die personeel daaraan verbonde vry losies onder sy dak verskaf en hul salarisse uit sy sak betaal. In besigheid was hy baie stip, sy kerk het hy as ouderling gedien en was een van die direkteure van die Paarlse Bank. Beginselvas was dit net verniet om te probeer om oom Gideon van sy oortuiging los te kry; hy was dus 'n man waarop iemand kon reken, en omdraai het hy nooit geken nie. Geeneen van die oprigters het so'n insig in sake gehad nie as hy; op finansiële gebied was hy die stuurman aan boord.

Casparus Petrus Hoogenhout is in Amsterdam, Holland gebore; as jongeling het hy na sy nuwe vaderland, Suid-Afrika, gekom om sy jeugdige kragte en geleerdheid aan sy aangenome volk te wy. Om van sy persoon en

lewenswyse 'n beskrywing na eis te gee val vir my moeilik; en tog het ons met mekaar tot sy dood toe gekorrespondeer. Aan sy woning het ek maar 'n paar male kort besoeke afgelê, afstand tussen ons moet die skuld hiervan dra. Lank van postuur en so regop soos 'n kers het hy onder die ander lede altyd 'n flink vertoning gemaak. In sy jonger jare het hy die Hollandse uitspraak gehad, maar na verloop van tyd het hy die Afrikaanse spreekwyse aangeneem, en dit is hy wat die eerste doelbewus Afrikaans geskryf het. 'n Eienaardigheid in sy eerste geskifte is, dat hy *mot* i.p.v. *moet* gebruik het, en dit het ons vroeër ook in sy spraak waargeneem. Een ding staan vas, dat sy eerste Afrikaanse geskifte baie bygedra het om aan die Eerste Afrikaanse Taalbeweging 'n stoot te gee. Arnoldus Pannevis het wel allereerste die waarde van Afrikaans ontdek en dit het hom met die Bybelvertaling laat dweep, maar hyself het nie die stoot aan die beweging gegee nie wat grotendeels aan Hoogenhout toegeskrywe kan word. Die rol wat Hoogenhout vervul het, is om die oë van die lesers van sy geskifte te laat oopgaan, waardeur hy die voorbereidende werk verrig het, wat eindelijk op die Eerste Taalbeweging afgestuur het. Die vraag is nog: as Hoogenhout hom in die pers deur middel van Afrikaans nie uitgelaat het nie, sou die Beweging so vroeg begin het? Sou die vergadering op die 14de Augustus, om die Bybelvertaling te oorweeg, nie kortweg verklaar het dat Pannevis se plan onuitvoerbaar is nie? Dit is feite om oor na te dink, want sake het daarna immers geloop soos dit moes geloop het.

Hoogenhout het die gawe besit om logies en oortuigend te spreek, vandaar sy invloed op die ander lede. As iemand 'n aangename uurtjie wou deurbring, moes hy maar in 'n leuningstoel by Hoogenhout gaan sit het en dan kan hy hoor wat gesels is. As praktiese onderwyser was hy 'n boeiende skrywer en interessante korrespondent.

Amper 80 jaar oud was sy verstand nog so helder en het sy liggaamskragte hom so bygebly dat hy nog die eksamenpapiere van die Taalbond kon nasien. Met Nuwejaar het hy my nog geluk gewens en die 13de Januarie was hy daar nie meer nie. Vir 'n onderwyser was sy offerering groot om Saterdag vir Saterdag van Groenberg na die Pêrel met sy kar te kom, sonder betaling, en dan om sleg gemaak te word.

Daniël Francois du Toit, D.P.sn. (Oom Lokomotief), het in sy jongelingsjare op sy vader se wynplaas gewerk.

As liefhebber van lees het hy hom intussen opgewerk sodat hy self in die Dalse Skool as onderwyser kon optree. Baie prakties en hardwerkend het hy 'n afkeer gehad van omslagtigheid, dit vind ons nog terug in sy nagelate geskrifte. Hy het van 'n goeie grap gehou en sy anekdoteskate was onuitputlik. Aan sy een oog was hy effe soetskeel, na die buitekant, en dit het hom heel goed gestaan, wanneer hy iets grappigs vertel. Sy pyp, nes dié van President Kruger, het min kans gekry om koud te word. Die Afrikaanse saak was vir hom ALLES. As onderwyser het hy bedank om die onseker amp as redakteur van *Die Afrikaanse Patriot* te aanvaar—en wel teen 'n baie geringe salaris. Om hierdie rede het hy 'n voorgenome tweede huwelik vir onbepaalde tyd uitgestel. Dit het baie maal gebeur dat hy sy klein salarissie teruggestort het om die Afrikaanse saak teen geldelike ineenstorting te bewaar, en verskeie kere het hy net 'n paar pond daarvan vir eie gebruik geneem, waardeur hy sy eenvoudige lewenswyse nog eenvoudiger gemaak het. Hoeveel sou vir 'n twyfelagtige saak, onder die magtigste teenstand, soveel opgeoffer het? Met 'n antwoord op die lastigste vraag was hy altyd gereed — al moes hy dit ook met 'n grap beantwoord. So'n beskeie man, wat so min van sy persoon en bekwaamheid gedink het, vind ons baie selde eerbewyse was vir hom bepaald 'n straf, daarom het hy versoek om tog nie kranse op sy graf te lê nie. Sy klere drag was altyd van die eenvoudigste om aandag van hom af te stoot. As groot menere hom nie gaan opsoek nie, hy voorwaar sal hulle nie gaan besoek het nie. Hy was beroemd vir sy gepaste briefies om 'n uitnodiging van die hand te wys; mog hy die vriendskap aanvaar het, dan was hy by die geselligheid altyd op die agtergestoeltes te vind en het hom selfs dáár nie tuisgemaak nie. Maar waar plig hom roep, sal reën, wind en ongesteldheid hom nie weghou nie. Hierin het sy waarde vir die Genootskap uitblink: as die ander met 'n hoë pligsbesef besiel was, dan het Oom Lokomotief hul ver oortref. Met die oog op wat bo vermeld is, ontstaan die vraag: As Oom Lokomotief die redaksie van die *Patriot* nie op hom geneem het nie, wie was daar te vind met dieselfde bekwaamheid wat dit teen die geringe salaris — wat nie altyd beskikbaar was nie — sou aanvaar en volgehou het? Ons weet wat van die blad geword het ná hy en Hoogenhout hul verder medewerking onttrek het.

[Stefanus Jacobus du Toit was jonger as Oom Loko-

motief. Skrander, wel ter tale, het hy 'n geheue van staal gehad; as predikant het hy hom nooit van die gebonde retoriese spreekstyl bedien nie: hy het nie gepreek nie, maar met sy gemeente van die preekstoel af gesels, en wel in so'n boeiende styl dat sy toehoorders betowerd hom moes volg. Jy het hom nooit onsin of ligsinnig hoor praat nie, inteendeel, wat hy vertel het was werd om na te luister. Is dit dan nog 'n wonder dat hy as leier van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging gekies is? Bowendien het hy die voortou van die begin af — ná hy oortuig was dat Afrikaans 'n taal is — in hande geneem. Oom Lokomotief en Hoogenhout, met al hul voortreflikhede, was geen een leiers soos ds. du Toit nie. Die beste generaal ter wêreld is nie altyd suksesvol nie; en het ds. du Toit die kuns verstaan om sy terugtogte beter te dek, dan was hy onverbeterlik. Maar sy vyande het hiervan gebruik gemaak en also is die wêreld vir hom tot ons spyt, smaller gemaak. Dis jammer dat sy vyande sy lewe met soveel bitterheid gemeng het waardeur hy in later jare 'n onpopulêre rigting ingeslaan het. Maar al daardie swaarkry en al daardie doodswye was magtelocs om hom van die kroon as taalheld te ontroof. Hy het vir ons taalsaak bly stry tot die dood die pen uit sy hand geneem het en sy lippe vir altyd verseël het. Hy was skraal, smal geskouer en tingerig van liggaamsbou, 'n goeie stoot sou hom teen die grond gewerp het. Maar in daardie sonderlinge gevormde hoof van hom, met sy klein donker ogies en smal spits neusie, het twee groot gedagtes tot twee groot dade ontwikkel wat ons volk uit 'n diep slaap wakker geskud het, naamlik op taal- en politiekgebied. Laat ds. du Toit se teenstanders dit vandag misken, dit neem die ware feit tog nie weg nie. Pannevis het sy jong student, S. J. du Toit, die oë en ore geopen vir die skoonhede van Afrikaans, so ook dié van Hoogenhout en Oom Lokomotief, maar in ds. du Toit het hy raakgesien die man wat die Beweging moes lei. Eenmaal as erkende en bekwame leier aangestel, het daar van hom 'n verbasende invloed uitgegaan wat lewe onder die dorre beendere laat ontstaan het. Op politieke gebied was ons Afrikaanssprekende volk morsdood. Ds. du Toit is, soos ons weet, die vader van die Afrikaner Bond. Ná die kongres op Cradock, waarop die Boerebeskermingsvereniging by die veldwinnende Bond aangesluit het, het Onse Jan (Hofmeyr) eers as leier van die Bond opgetree en die *Patriot* word toe die offisiële orgaan daarvan. Aldus het die Ge-

nootskap van Regte Afrikaners geword: 'n letterkundige, 'n kulturele en politieke liggaam onder die bekwame leierskap van ds. du Toit. Net soos ministeries deur politiek gevorm word en tot val kom, so het ook ds. du Toit terwille van sy politieke insigte 'n neerlaag gely—waardeur die Genootskap tot staan gekom het. Andermaal staan ons voor 'n ander vraag: As ds. du Toit die voortou nie opgeneem het nie, sou daar onder voorstanders van Afrikaans net so'n bekwame leier kon gevind gewees het?

Hier het ons nou voor ons die ondeelbare driemanskap, ds. S. J. du Toit, C. P. Hoogenhout en D. F. du Toit, D.P.sn., wat deur die nageslag beskou moet word as die verantwoordelike drie persone wat die Eerste Afrikaanse Taalbeweging tot 'n voldonge werklikheid laat word het—deur die gemis van een sou die beweging òf verdraag geword òf glattendal nooit tot stand gekom het nie. Hulle was vir die Genootskap net so nodig as die son met sy lig, hitte en aantrekkingskrag om lewe aan die aardse bewoners te skenk. Maar lig, hitte en aantrekkingskrag is nie alleen die enigste vereistes vir lewe nie, voedsel en kleding is ook onontbeerlike vereistes, en dié behoefte het die ander lede verskaf. Nou bly daar nog vier van die oprigters van die Genootskap oor om aandag aan te skenk.

Daniël Francois du Toit D.F.sn., (beter bekend as Dokter) was 'n jong wynboer wat ook nie 'n te hoë opleiding op skool geniet het nie. Hy was frisgebou, het ligte hare en baard gehad en was baie aktief; die firma *D. F. du Toit en Ko.*, is na hom vernoem. Sy vrugbare wyn- en vrugteplaas het hy in Daljosaphat verlaat om teen 'n geringe salaris as bestuurder van die Patriotbesigheid te dien. Gesellig van aard was sy stem hard en duidelik. Ek kan my nie herinner dat ek hom ooit sien rook het nie, en dis hy wat my oë vir ons Afrikaanse saak geopen het en my lid van die Genootskap laat word het. As landmeter het ek my kantoor in die eerste Patriotgebou op die eerste verdieping gehad—net bo sy boekwinkel, waardeur ek trap-op na my kantoor moes gaan. Nooit het ek ingekom of huis-toe gegaan nie of ek het met hom in die winkel, of met Oom Lokomotief in sy redaksielokantoor 'n gesprekkie aangeknoop, en dit is hier waar ek ds. du Toit en Hoogenhout so baie maal aangetref het. In 1883 het ek die Pêrel finaal verlaat en het in Transvaal kom woon; van toe af het Dokter en ek mekaar min ontmoet. Ná die val van die *Patriot* het ek hom op sy plaas, waarheen hy teruggekeer het, ontmoet en het 'n dag met

hom deurgebring. Toe vir die eerste maal kon ek besef wat hy vir die Afrikaanse saak opgeoffer het. Solank hy teen 'n geringe betaling die besigheid aan die Pêrel bestuur het, is daar geen verbeterings op sy plaas aangebring nie. In die kort tydjie wat hy op sy eiendom terug was het hy honderde lemoen- en ander vrugtebome aangeplant en sy hande was binne-in harder as dié van sy werkvolk. En toe merk hy op: „Sien jy nou wat ons vir die Afrikaanse saak opgeoffer het; my plaas het bly staan waar dit was, dus 'n kleiner opbrings gelewer as dié van my bure; by die *Patriot* het ek teen 'n klein salarissie gewerk, en nou moet ek op my plaas op my ou dag probeer om die skade in te haal, want my kinders het opvoeding nodig. Ek het die voorreg van hoë geleerdheid nie geniet nie, daarom wil ek en my vrou soveel te harder werk om aan ons kinders dit te gee.” En hy het daarin geslaag, want onder hulle is professors met doktorsale grade.

Die ander drie oprigters van die Genootskap was nie nou aan die Patriotkantoor verbonde nie; hul dienste was groot en onselfsugtig, daarby was dit onmisbaar omdat dit gratis en met baie opofferinge gepaard gegaan het.

August Ahrbeck, was uit Duitse ouers aan Kaapstad gebore; met die oprigting van die Genootskap het hy as verantwoordelike sekretaris opgetree en was toe teologiese student aan die Kweekskool te Stellenbosch, vanwaar hy spesiaal moes oorkom om vergaderings by te woon. Hy het veel gewaag om die baantjie te aanvaar, want die teologiese professore, destyds was soos gif teen die *Patriot* en die Afrikaanse taal—ons ken die geskiedenis hoe die Kaapse Sinode twee dae oor die blad te kere gegaan het. So moes daardie professore hoor dat hulle die „getogade vaders” is wat die Kerk wil verengels. Deurdat ds. Ahrbeck en ek op vergaderings mekaar in die Pêrel ontmoet het, ken ek hom nie intiem nie. Toe ek met *Eerste Skrywers* besig was, het ek hom om informasie omtrent homself gevra en dit was sy antwoord: „Wat ek gedoen het, is verby. Ek verkies liewers om onopgemerk te bly.” En dit is min of meer stereotopiese die antwoorde van al die lede.

Petrus Jakobus Malherbe is net so beskeie; van homself wil hy niks meedeel nie. As lid van die Genootskap het hy die vergaderings gereeld bygewoon en hulp betoon waar dit nodig was. Direk aan die werksaamhede het hy nie 'n leidende aandeel geneem nie en het op sy wynplaas gewoon en daar as vlytige boer hard gewerk.


Stefanus G. du Toit was ongeveer twintig jaar toe hy na die Pêrelse Gimnasium gekom het. Uitgegroeï en met volle baard het hy nie verkies om tussen jong seuns in een klas te staan nie, hy het voorlopig private lesse by ds. du Toit vir 'n lang tyd geneem en het loseer in 'n buitevertrek by gesegde dominee. Eers later het hy die gereëlde klasse in die Gimnasium bygewoon. Dit was in hierdie tyd dat hy as hulp-sekretaris ageer het en die allereerste en ander notule verskyn in sy handskrif. Hoewel ek baie goed met hom bevrind was en hom dikwels op sy kamer besoek het, ken ek tog baie min van sy private lewe. Hy was te nederig om stof op te skop en het liewers verkies om onopgemerk die wêreld deur te gaan. Ná hy hom as onderwyser bekwaam het, het hy skoolgehou op Rawsonville, by Goudinibad, distrik Worcester, en as ek dit wel het, is hy aldaar op jong leeftyd gestorwe. Net soos ds. du Toit was hy tingerig gebou, baie wit van gelaat met ligte hare en baard.

Hier sluit ons af met die agt oprigters wat die durf besit het—al was hulle die veragtelike skoolmeestertjies en Dalse wynboertjies — om van die Afrikaanse spreektaal doelbewus 'n beskaafde skryftaal te maak. Maar die naam van *Pieter Bernardus de Ville* (van Retief de Ville en Ko.) mag nie as gewone lid van die Genootskap verswyg word nie. Hy was die persoon wat die dubbel-verdiepinggebou op die hoek van Hoof- en Lady Greystraat opgerig het, waarin die firma D. F. du Toit en Ko., die besigheid kon dryf. Die gebou is sedert afgebrand ná die Patriotkantoor verplaas is na Hoofstraat naas die Pêrelse tronk. Piet de Ville was in die tyd 'n welvarende rytuigmaker; 'n leidende aandeel in die taal- en kultuurstryd het hy nie geneem nie, maar dit was sy geldelike steun waarmee hy die Genootskap so gedien het. Hy was 'n groot fris man, 'n platjie in sy kinderjare en het toe sy onderwyser se rotting taamlik werk gegee waarvan hy in sy later leeftyd baie te vertel gehad het. Ook was hy, net soos Gid. Malherbe, een van die stoere oprigters van die Noorder Pêrelse gemeente wat hy vir jare as kerkraadslid trou gedien het.

Hoe omtrent *Arnoldus Pannevis* wat die waarde van Afrikaans as taal ontdek het? Hom het ek nie uit die oog verloor nie. Maar wat van hom mag vertel word, het ek reeds in *Eerste Skrywers* (2de druk) en in *Baanbrekerwerk* (nou in die pers) meegedeel. Gaan ek an-

dermaal tot al die besonderhede oor, dan word my geskrifte 'n oorskrywery wat ek reeds in druk uitgegee het, daarom verwys ek die leser na genoemde werke om nie alleen van Pannevis meer te weet nie, maar ook van die ander lede wat hul so verdienstelik gemaak het.





MR., MISS, MRS.

DAT onze landstaal woorden uit het Engelsch overneemt, is onvermydelyk; maar men neme toch zulke woorden niet over welke voor onze ooren eene vuile betekenis hebben, zooals *mister*, *mis*, en *mis-sies*! Sies Afrikaners! Waarom uw *meneer* (myn heer), dat bovendien ook Bybelsch is, daar het in de Schrift dikwyls als term van beleefdheid voorkomt,—waarom dit verworpen voor dat *mister* (sies!), dat, al wil men het naar de afleiding in de Engelsche betekenis ook als *meester* verstaan, in den Bybel eer afgekeurd wordt (Matth. 23:10)? Dat *mister* komt meer en meer in de mode; zelfs Patriotlezers hoor ik *mr.* als *mister* lezen in plaats van *meneer*! 't Zal weldra even algemeen wezen als *miss*, dat altyd *mis* (verkeerd) is, in welken zin men 't ook neemt, het zy van *vuil*, het zy van *nevel*. Ja, zoo 'n Afrikaansch meisje dat door en door een miss geworden is, is als een ydele nevel, vergeleken by die degelyke jonge nois die haren landaard nog niet verloochend hebben. En van zulke mistige nevelen wordt ons land voornamelyk van uit zekere Godsdienstige meisjesscholen, waar als in den naam des Heeren zulke onwenschelykheden met yver worden voortgebracht, overspreid, wellicht evenzeer tot schade van de ontfankelyke zielen der lieve jeugd, als de natuurlyke mist ongezond voor hunne teedere lichamen is.—'t Is geen toeval, dat die woorden *Mr.* enz. in onze ooren zoo snaaksch moeten klinken. Er bestaat geen toeval: 't is alles beschikking der Voorzienigheid, die met alles hare bedoelingen heeft; maar onze verduisterdheid des verstands en hardheid des harten belet ons dikwyls om die bedoelingen op te merken zelfs waar ze het minst verborgen zyn. En nu vraag ik: wat wil de albeschikkende Voorzienigheid er ons meê te kennen geven, dat de ge-

noemde Engelsche algemeene betitelingswoorden in onze taal zulk eene *vuile* beteekenis hebben? Zy die den verengelschten Afrikaner een vullis (*vuilnis*) noemen, schynen de zaak by het rechte eind te hebben. Ik zal het niet tegenspreken, wanneer iemand zegt, dat de omstandigheid waarvan wy nu handelen, eene Goddelyke bespottig is van *die* overtreders der Wet die, om eer of voordeels wille, het voorgeslacht verachten en het 5de Gcbod op groote schaal te niet doen; *die* Afrikaners die —niet tegen wil en dank verengelscht worden, maar —zichzelven opzettelyk anglizeeren. Die bespottig openbaart het mannelyk geslacht van hen dan als *vuilvoortbrengers* en *bevuilers* met eigen (niet te noemen) bemesting; en het vrouwelyke als vuil, als uitwerpsel, voornamelyk de huismoeders, waar de toevoeging van *sies* aan *mis* niet toelaat aan eenige andere verzachtende beteekenis te denken, hetgeen by de betiteling der jonge dochters wel mogelyk zou kunnen zyn. Voor deze laatsten is er nog hoop en versooning. Menig jong meisje dat door den dwang van de bedervende opvoeding in gevaar scheen om geheel en al geanglizeerd te worden en eenmaal eene volslagen *mis-sies* uit te maken, werd later, by gerypt verstand, door de zuiverende en genezende kracht van het werkelyke leven, nog eene degelyke huisvrouw en liefelyk sieraad van het ware Afrikanerdom.—Doch genoeg! De verstandige lezer zal, hoop ik, meer doen dan een weinig lachen by de opmerkingen die ik hier maak. Hy zal nadenken, en zoo hy niet te *laauw en laf* is—als, helz! de Afrikanen op dit punt nog zyn —het misbruik bestryden; vooreerst door zelf by zyn Hollandsch spreken de genoemde woorden af te schaffen; indien hy namelyk ook een dienaar van de *misselyke* mode geworden is. Met *miss* zal dit misschien moeielyker gaan dan met de twee andere uitdrukkingen. Maar gesteld ook dat hier geen andere uitweg was dan algemeen gebruik van het lange *jonge jufvrouw*, dan zal ik (1) nog beweren, dat eene eigene lange en gepaste benaming beter is dan eene vreemde korte en ongeschikte; en (2) op het Fransch wijzen, dat allen toch zoo mooi vinden, en waar een jonge noi *Mademoiselle* heet, welk woord, zoo ver ik weet, nooit voor te lang uitgekreten is. Ook het geprezen Italiaansch heeft *signorina*, en het Spaansch (die “roem der talen”) *senorita*, allen in de uitspraak niets korter dan ons *jonge jufvrouw*. Men moet hier tevens in aanmerking nemen, dat de beschaafde Engelschman, en dus eveneens zyn

Afrikaansche *misnavolger*, ook by de aanspraak het woord *miss* altyd van den naam der persoon doet vergezeld gaan: hetgeen dus veel van de korthed wegneemt. Wanneer wy nu ook *mister* en *mynheer* in dit opzicht vergelyken, zal de balans ten voordeele van het laatste overslaan. Maar over deze twee woorden wilde ik hier nog iets in het midden brengen. Ik bedoel namelyk de dubbele ergernis die elk weldenkend opmerkzaam gemaakt lid onzer Kerk moet vervullen wanneer hy onze godsdienstleeraren *mister* hoort noemen: wat op sommige plaatsen algemeen is. Men begrype toch, dat deze betiteling in dit geval eene dubbele beleediging is, (1) voor hen als Hollandsche Afrikanen (volgens het besprokene), en (2) voor hen als voorgangers in de Hollandsch Gereformeerde Kerk en — ten minste het behoort zoo — voorvechters van de taal dier Kerk. Dat *Mynheer* is eenigermate een ambtstitel onzer WelEerwaarde Heeren (ongeveer als *heerom* by de Roomschen), en wordt door dat gebruik van *mister* letterlyk in den drek vertreden. Dan nog liever het oude en verouderend *ou*, hoewel dit ook gansch niet mooi is; of, in 't geheel niets. Maar waarom kan men zich niet stipt aan het betamelyke houden, en aan iedereen altyd de eere geven die hem toekomt? — Wat eindelyk dat *missies* aangaat — maar neen! ik acht het beneden my, aan dat leelyke woord verder nog eene letter te verspillen!

En nu, ten slotte, welke uitwerking zal dit stukje hebben op besliste en schuldige Anglomanen die het lezen? Ik vrees dat, zoo het iets doet, het hen zal aandryven om hunne moedertaal nog meer te verzaken, en met nog woudender yver het Hollandsch te negeeren, en te trachten het als te vergeten, ten einde zich aldus onbereikbaar te stellen voor de ergernis der Goddelyke bespottung, en in voltooiden hoogmoed het Bybelwoord te vervullen (Spreek. 30:11, 12): *Daar is een geslacht, dat zyne vader vloekt, en zyne moeder niet zegent; een geslacht dat rein in zyne oogen is, en van zynen drek (mist) niet gewasschen is: want de schande kleeft het eeuwig aan*

NUCHTER.
(A. PANNEVIS.)



EEN VERDEDIGER VAN BURNS.

II.

Een brokstuk van 'n brief van wijlen Vriend Pannevis, verschenen in *De Volksvriend* van 4 September, 1867.

Aan den Redakteur van de Volksvriend.

Mijnheer,—Gij hoopt — volgens een naschrift achter mijn eerste stuk—dat mijn weerlegging van A Sc—t kort zal zijn; en met recht. Want ofschoon ik hem in ieder zijner gezegden kon uitkleeden en belachelijk maken, en hem om zijn eigen hatelijkheden doen bespotten, verdient hij toch zooveel notitie niet, en 't zal genoeg zijn, om de hcofdzaak, waar zijn tegenspraak eigenlijk op neer komt, zoo kort mogelijk aan te wijzen. Bij mijne beoordeeling van Burns heb ik een genoegzaam aantal zijner stukken genomen van allerhande soort, en waaronder de meest beroemde; en op een *stipte* en *bijzondere* beschouwing daarvan mijn oordeel over hem gegrond. Dat is, dunkt mij, alles gedaan wat men kan verlangen. Maar even klaar is het, dat ik nu op mijn beurt mag eischen, dat iemand die mijn oordeel over Burns verwerpt, bepaaldelijk de onjuistheid van mijn *stipte* en *bijzondere* beschouwing van Burns produkten aantoot. Doet dit A Sc—t? Neen; hij doet het niet; over twee versjes *poogt* hij het te doen; over een paar andere stukjens bestrijdt hij een bij—opmerking die niets tot het geheel toedoet; de andere, dat is bijna alle, gaat hij geheel stilzwijgend voorbij. Ik zal, om in een kort bestek zijn tegenspraak voor de lezers aanschouwelijk voor te stellen, een lijstjen maken van de door mij behandelde stukken, met bijvoeging van

hetgeen A Sc—t er tegen te zeggen heeft: zij kunnen het dan bij de vergelijking onzer stukken verder nagaan.

Tegen mijne veroordeeling van vier grafschriften van Burns zegt A Sc—t *niets*.

Tegen mijne veroordeeling van Burns grafschrift op zijne dochter, welke veroordeeling op mijn eisch berust dat er in een rede zamenhang moet zijn, beweert A Sc—t, dat zulks te absurd voor een Robbeneilander is. (En te wijs ook, voor A Sc—t en een Robbeneilander beiden)

Tegen mijne veroordeeling van Burns gebeden zegt A Sc—t *niets*.

Tegen mijne veroordeeling van "The Cotter's Saturday Night" bespot hij mij er over, dat ik dat vers een prul vind. Ik zeg echter de redenen, waarom ik dat vind, en tegen die redenen, derhalve tegen mijn geheele veroordeelingen van "The Cotter's Saturday Night" zegt A. Sc—t *niets*.

Tegen mijne veroordeeling van Burns satyre "Holy Willie's Prayer", zegt A Sc—t *niets*.

Tegen mijne veroordeeling van Burns lied "For a' that and a' that" zegt A Sc—t eigenlijk *niets*; iets bijkomends daarin, namelijk, de van de questie onafhankelijke veroordeeling eener spreuk die in dat vers voorkomt, valt hij aan; ik kan mijn bewijsvoering over die spreuk hier niet herhalen; men herleze ze waar ze gedrukt is, en men zal zien hoe gegrond ze is.

Tegen mijne veroordeeling van Burns lied "My bonnie Mary" brengt hij iets in dat Burns nog meer beschuldigt van veinzerij dan ik gedaan heb. A Sc—t ontkent zelfs geheel de wezenlijkheid van 't gevecht dat Burns als werkelijk beschrijft. Dat is Burns nog bespottelijker gemaakt. Laat hij dit ook maar doen; anders zou zijn zo onhandig bijgebrachte bijzonderheid consequent meebrengen, dat men in Schotland het krijgsumroer dat in Duitschland opging (iets uitgelaat) plaatsen durft pronken!—A Sc—t brengt gedurende zijn redeneering, tot versterking zijner zwakke zaak, natuurlijk ook het afgezaagde praatjen bij dat het dialect waarin Burns voor namelijk schreef, de oorzaak zijner onverstaanbaarheid ook bij Engelschen, is. Men heeft toch altijd een uitweg om dat ellendig zingertjen vrij te doen ontsnappen! Al men Burns niet mooi vindt, verstaat men hem niet! Zeker, menigeen heeft zich daarmee getroost, als hij, zij

natuurlijk gevoel raadplegende, geen smaak in Burns kon vinden, en toch meende, dat het zoo behoorde, omdat de tijdgeest, alias de leugengeest, het zeide. Ik zou wel eens willen weten wie er dom genoeg was om met een kleine woordverklaring, als bijv. die in Willmott, den Schot niet te kunnen begrijpen, en, als hij zijn gevoel en oordeel gebruikt even duidelijk als een *onpartijdige* Schot zelf, de totale onwaarde des rijmelaars te doorzien.—Ik zou nog menig andere proef van A Sc—t's groote botheid kunnen bijbrengen, zoo als zijn algeheele onkunde van 't verschil der hoogere en lagere liefde, zijn verontschuldiging van Burns gewetenlooze uitgave van al zijn verzen, omdat hij juist geld noodig had; zijn verontschuldiging van Burns dronkenschappen, omdat in zijn tijd de dronkenschap sterk heerschte, enz., enz.; maar de tijd en ruimte laat het niet toe. Alleen moet ik nog eene zaak, waarbij ook een mijner andere tegenschrijvers te pas komt, bespreken, en zal daartoe tot eer. volgend nummer wachten.

A. P——s.

—o0o—



HOOFSTUK III.

DS. S. J. DU TOIT AS LEIER VAN DIE EERSTE AFRIKAANSE TAAL- BEWEGING.

Deur DR. G. DEKKER.

WANNEER ek hier gevolg gee aan die vererende versoek van die redaksie van hierdie Gedenk-album om die beeld te skets van Ds. S. J. du Toit, dan doen ek dit nie omdat ek myself beskou as die aangewese persoon daarvoor of as iemand wat daardie eer toekom nie. Inteendeel — daar is ander, manne wat grys geword het in die stryd vir eie taal en vir behoud van eie volkskarakter, medestryders van die Leier, wat ons die mens en die leier beter kon geskets het.* Maar dié manne het skaars geword—tempus fugit! En die omstandighede het dit nou so gewil dat die taak opgedra is aan iemand van 'n jonger generasie, produk van 'n tweede nasionale oplewing, waaraan veral die studerende Jong Suid-Afrika deel geneem het. En dat

(*) My hartlike dank aan die ou veteraan, Mnr. C. R. von Wielligh, van wie ek, deur bemiddeling van die redaksie, skriftelike mededelings ontvang het (behalwe die wat ons reeds in sy gepubliseerde werke besit,) waarvan ek 'n dankbare gebruik gemaak het en waaruit in hierdie stuk ook gesitser sal word.

so iemand hierdie opstel skrywe, kan óók weer sy nut hê—hy sal weergee hoe 'n jonger geslag, met 'n ander kyk op sake, met 'n ander lewenshouding, maar wat tog, in die grond, stry vir dieselfde heilige ideaal, staan teenoor die man wat so'n magtige invloed gehad het op ons kulturele ontwikkeling. Carlyle sê van geskiedenis: „History is the essence of innumerable biographies.” Die historikus sal dit waarskynlik 'n dogmatiese standpunt vind, maar dis 'n standpunt wat ons 'n insig in geskiedenis gee soos miskien geen ander nie, veral as ons dit nader omskryf en verdiep vind in die volgende visionêre uitspraak van Teufelsdröckh:

„Great men are the inspired (speaking and acting) Texts of that divine Book of Revelations, whereof a chapter is completed from epoch to epoch, and by some named History.”

S. J. du Toit was een van die „inspired (speaking and acting) texts of that divine Book of Revelations by some named History”. Wellig is die tyd nog nie aangebreek dat ons hierdie rustelose gees, hierdie stryer en sy werk in suiwere, objektiewe perspektief kan sien of bespreek nie. Dr. J. D. du Toit begin sy biografie van sy vader met die opmerking: „Een omstandigheid moet bij die lees veral nie vergeet word nie. Ds. Du Toit was 'n Ismaël: sijn hand was teën almaal, en almaal sijn hand was teën hom. Dit was sijn roeping om alleen te staan en harde dinge te sê.”—Juis dít maak 'n objektiewe beskouing van S. J. du Toit nog nie moontlik nie; die genie het in die praktyk te doen nie alleen met botsinge van groot beginsels nie, maar met tydgenote wat behalwe deur die hoëre, diepere menslikheid, ook deur kleinere, maar daarom nie minder menslike, dryfvere besiel is—en die genie self is ook nie altyd vry van daardie kleiner-menslike gevoelens nie. Dis vir ons egter nie nodig om hierdie, die subjektiewe gevoelens opwekkende, kante te beskou nie. Ons het te doen met die Leier, die forse figuur, wat gewys het, sonder weifeling en onvermoeid, waarlangs die weg ly vir 'n volk wat sy hoog-heilige taak nie wil versaak nie om sy nasionaliteit, sy karakter, sy taal, as van God gegewe gawes hoog te hou—gawes wat dure pligte meebring.

Die ingesluimerde besef van hierdie waarheid het Du Toit eers wakker geroep en daarna het hy die weg ter bereiking aangetoon. Die Afrikaanse kultuurgeskiedenis

verheug hom in, en kan hom beroem op, die besit van die biografie „Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk”. Die literator wat kla oor gebrek aan strenge eenheid, aan diep-indringende karaktertekening, en teleurgestel is dat hy nie in innige kontak kom met die warme, lewende mens self nie, moet, voor hy kritiek uitoefen, homself afvra wat die strewe van die skrywer was—en daarvoor moet hy die titel lees: Ds. S. J. du Toit *in Weg en Werk*, 'n periode van Afrikaanse Oplewing. Komende geslagte sal hulle verheug in die besit van hierdie boek met sy eerlike strewe naar 'n objektiewe voorstelling, wat steeds die feite self laat spreek en wat met sy skat van outentieke dokumente en sitate 'n ryk myn sal bly vir die kennis van die godsdienstige en kulturele lewe van 'n vervloë tydperk in ons volksgeskiedenis. Waarmee ek nie ontken dat dit baie jammer is dat die poging tot 'n skets van Ds. Du Toit as mens nie beter geslaag is nie.

'n *Leier* het ek S. J. Du Toit genoem—hoe meer ons die geskiedenis van sy tyd bestudeer, hoe meer hy voor ons opdoem as die Leier van sy volk. 'n Leier met 'n sterk persoonlikheid, met 'n skerp omlynde program, met 'n onwrikbare deursettingsvermoë en met 'n geniale aanleg—in een woord toegerus met al die eienskappe nodig vir sy taak.

Vir diegenes, wat die geskiedenis van die Eerste Taalbeweging nagegaan het, behoef dit geen betoog meer dat agter alles die rustelose gees van Du Toit werksaam is nie. Pannevis, wat deur sy groter talekennis, deur sy aanraking met vele volke en hulle spraak, 'n diepere insig gehad het in die wese van die taal, het hom oortuig van die bestaansreg en die moontlikheid van Afrikaans as die taal van die Afrikaner—en dit het ettelike jare geduur voor Pannevis se oortuiging weerklank gevind het, maar as Du Toit eenmaal deurdronge is van dieselfde besef, dan word hy die motoriese krag wat agter die hele beweging sit. Die program van die Afrikaanse Taalbeweging is Du Toit se program. En wat 'n grootse, wat 'n breë, wat 'n psigologiese program is dit—nie beperk tot een terrein van die lewe nie, maar die hele lewe omvattende; dis in die volle sin van die woord 'n sintetiese program. Daar lê iets profeties in die ideaal van Du Toit, iets visionêrs; Du Toit is 'n geestelike nasaat van Bilderdijk en van Da Costa, maar hy besit wat hulle nie gehad het nie: die gawe om sy ideale prakties te verwe-

senlik. Die Nederlanders was boetprofete wat, die een individualisties, egosentries van karakter, die ander van 'n gloedvolle, Oosterse temperament, hulle volk en hulle tydgenote besiel, meegesleep en..... afgestoot het, maar tog steeds ver van hulle volk af gestaan het. Du Toit besit nie hulle digtersgawe nie—maar hy is hulle geesgenoot. Ek sê dit nie uit literêre oorwegings, omdat hy gedweep het met die retoriese poësie van Bilderdijk nie, of op grond van kerklike ooreenkoms — maar omdat daar so'n essensiële geestesaffiniteit is tussen hierdie manne. En ek lê hier so'n sterk nadruk op die religieuse van Du Toit se idealisme, omdat ons hom anders nooit sal verstaan nie. Ons kan sy strewe as taalvoorvegter nie isoleer nie—dit vloei regstreeks voort uit, is nie denkbaar buite verband met, sy lewensbeskouing, hy is onvermoeide vegter vir die heilige regte van sy taal ómdat hy Kalwinis is, omdat hy die taal beskou as 'n van God gegewe kleinood, omdat hy dit as die plig van iedere Christen beskou om daaraan saam te werk dat hierdie taal die rol sal speel wat God dit in sy ewige raadsbesluit toegeken het. Want die taal is ook nie iets op sigself staands nie—dit hang ten nouste saam met die volksiel en die volkskarakter, waar dit die direkte uiting van is; verwaarlosing van die taal beteken fnuiking van die volksiel. „De taal is heel het volk” was die leuse van die Vlaminge. En dis opmerklik dat die kuns van die man wat so veel gedoen het vir die Vlaamse taal ook gedra is deur sy warme geloof.

En dit verklaar vir ons dan ook die uitspraak van Von Wielligh: „Die Afrikaanse taal was sy liefling tot sy dood toe; wie dit durf beswadder het moet weet, dat hy in die oë van ds. Du Toit hoogverraad gepleeg het.”*

Die grootste verdienste van Du Toit as leier van die Taalbeweging is dat hy besef het wat hy as volg uitdruk: „Ons sal die Hollandse Genootskap nie tegewerk maar veeleer ondersteun. Die Hollandse Genootskap is 'n kind van die Afrikaanse. Dan, die Hollandse Genootskap sal ons geen *kwaad* maar *goed* doen, veral op die gronde waarop hulle dit begin het, n.l. Engels taal van die *Regering*, Hollands van die *Kerk*, Afrikaans van die *Huisgesin*..... Die *Huisgesin* is die bron waaruit die *Kerk*

(*) Skriftelike mededeling.

*en die Staat hulle lewe moet kry. Wie die Huisgesin het, het die toekoms in syn hand.”**

Hierdie laaste sinsnede bevat die hoeksteen van die hele gebou van die Eerste Taalbeweging, waar Du Toit die argitek van was. En dit verklaar ons sy breë program van die opbouing van sy volk, die wakerskud van die in letargiese slaap versonke volksiel. Du Toit is 'n volksman en die Eerste Taalbeweging is 'n volksbeweging, 'n oplewing wat nie alleen op taalgebied sig geopenbaar het nie—om hom te verstaan moet ons die oplewing op velerlei gebied sien. En telkens sien ons dat dit Du Toit is, wat in sy orgaan „Die Patriot”, of deur nog meer regstreekse, persoonlike, beïnvloeding die eerste prikkel gee. Ek dink hier aan die stryd vir 'n Vrye Christelike Skool, aan die stryd vir die regte van Hollands—as dit nodig was kon hy hom aansluit by die voorstanders vir die regte van Nederlands, want hy het besef dat die bloei van Nederlands Afrikaans alleen ten goede kon kom. En boweal dink ek hier aan die *Afrikanerbond*. Wie die korrespondensie nagaan in die Patriot is verbaas oor die tak, die beleid waarmee Du Toit die saad uitstrooi om die gedagte van so'n Bond ingang te doen vind en dan, wanneer die psigologiese moment daar is, voor die dag kom met sy duidelike, vasbelynde voorstel van 'n *Afrikanerbond* met 'n grondwet en strewes, wat ons vandag nog verras laat opkyk. Hierdie taal moet ingeslaan het:

„'n *Afrikaner-Bond*, waarin al wat *Afrikaner* is sig kan thuis voel en samewerk tot heil van 'n *Verenigde Suid Afrika*;

'n *Afrikaner-Bond*, waarin geen nasionaliteit ons van mekaar skei nie, maar waarin almal wat *Afrika* erken as hulle *Vaderland*, same woon en werk as broeders van één huis, al is hulle van Engelse, *Hollanse*, *Franse*, of *Duitse* afkoms.....

'n *Afrikaner-Bond*, wat dan oek die ware belange van ons land en van alle partye bevorder, en belet dat die belange van *Afrika* an *Engeland*, of van die *Boer* an die *Koopman* opgeoffer word;

'n *Afrikaner-Bond*, wat die oog hou op die politiek, om landverraaiers uit die raadsaal te weer, en te sorg dat die ware vriende van die *Vaderland* hulle plase inneem;

(*) Kursivering alleen van die twee laaste sinsnedes deur my.

'n Afrikaner-Bond, wat die ontwikkeling van die *hele* bevolking beoog.....;

'n Afrikaner-Bond, wat Handel en Nyverheid bevorder ten dienste van die land en nie ter vulling van die beurse van spekulateurs;

'n Afrikaner-Bond, wat Vrijstaat en Transvaal insluit;.....

So'n Bond het ons nodig; an so'n Bond word elke dag al meer behoefte gevoel; so'n Bond sal toegejuig word deur duisende en tienduisende, en is ver Afrika's toekoms onmisbaar."

Dit is die taal van 'n gebore leier, van 'n gebore joernalis. Let op dat ons hier reeds die ideaal het van een groot verenigde Suid-Afrika onder eie vlag, en Du Toit spreek dit in 'n hoofartikel duidelik uit waar hy kritiek uitbring op die Boerebeskerming Vereniging: „En an die gemis van nasionaliteit is al die ander gebreke van die Vereniginge te wyte. Hulle mis die lewenswortel waardeur hulle alleen kan groei en hulle takke kan uitsprei oer heel Suid Afrika; hulle mis die ware fondament waarop ons nasionale gebou moet staan. En dit stel ons juis voorop in ons Afrikaner Bond. „Afrika ver die Afrikaners”—ver die wat Afrika ver hulle land aangeneem het. 'n „Verenigde Suid Afrika”, wat al onse State en belange omvat. Ons wil 'n boom hê, met één stam, mar wat syn takke o'er heel Suid Afrika uitsprei: en die wortel moet wees nasionaliteitsgevoel.”

Is die ideaal wat leef in die Afrikaner-hart al ooit beter geformuleer?

En met 'n bewonderenswaardige organisatoriese talent het „Die Patriot” die saak gelei en tot 'n verrassend snelle, maar, helaas, slegs kortstondige bloei gebring.

Keer ons terug meer bepaaldelik tot die werk wat die Genootskap gedoen het, dan bewonder ons ook hier weer die tak, die insig, die praktiese idealisme. Dan sien ons dat die uitgangspunt was die besef dat: „Die Huisgesin is die bron waaruit die Kerk en die Staat hulle lewe moet kry. Wie die Huisgesin het, het die toekoms in syn hand.” Die Genootskap het sy ontstaan te danke aan die beraadslaging oor die wenslikheid van 'n Bybelvertaling in Afrikaans. Destyds het die oprigters die tyd nog nie ryp daarvoor geag nie—drywers was hulle nie, maar hulle het aan die werk gegaan om die volk voor te berei. Du Toit self het met taai volharding en onver-

moeide ywer bly werk aan die vertaling. Maar voorlopig word alle kragte gekonsentreer op die bearbeiding van die volk. Skoolboekies word geskryf, die eerste poging tot 'n meer objektiewe voorstelling van die vaderlandse geskiedenis gemaak, spelreëls en 'n grammatika opgetrek, 'n almanak vir die plattelandsbevolking. Kortom — „Die Patriot” het die volk gewen vir sy ideale en is een van die magtigste faktore gewees wat saamgewerk het tot die nasionale opbloei gedurende die periode, sodat „De Stem” tereg kon sê in Januarie 1905, toe die blad opgehou het om te bestaan: „Het staken van „Die Patriot” is een nasionale ramp. Er is geen blad dat meer gedaan heeft om de Hollandse Afrikaners op te wekken..... het leerde vele lezen, en terzelfdertijd leerde het vele schrijven..... de gehele Afrikaanse beweging vond haar begin in de lezers en ondersteuners van dit blad.... het was bij uitnemendheid het blad der Boeren....”*

Daar sou nog veel te skryf wees oor Du Toit—oor sy verdienste as taalkundige—ons mag vandag verskil oor menige punt, ons mag dit nie heeltemal eens wees met die wyse waarop woorde en wendinge wat ons vandag as plat beskou, in die skryftaal opgeneem is nie, maar ons het tog bewondering vir die insig in taal-waarhede en -feite wat hy aan die dag lê en wat hy, sonder geleerde betoog, maar as nugtere, praktiese wysheid aan die volk bring. Ek dink bevoorbeeld aan die vyfde van sy „51 Stelling”: „Die Taal self is die hoogste wetgewer. Dus kan jij gen taalreels an 'n Taal voorskrywe ni, jy moet dit an di Taal ontleen. Die Skryftaal moet di Spreektaal volg, ni omgekeer ni.”

Ons sou nog kan praat oor die spelling—maar ek sal dit liever aan meer bevoegdes oorlaat. Vandag, egter, moet ons nóg erken dat Du Toit foneties in baie gevalle goed gesien, of liever gehoor, het. Daar is nog die *literator*. Daar is dinge wat, hoe dikwels ook herhaal, geen cliché mag word nie — 'n hernude bestudering van die letterkundige voortbrengele van die Eerste Taalbeweging het my weer diep laat besef hoe ons te doen het met 'n *volksbeweging*, wat as sulks uitstekend geslaag is. Dit moet ons ook in aanmerking neem as ons Du Toit se

(*) Dr. L. van Niekerk. *De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en zijn Letterkundige Voortbrengselen*, A-dam, 1916 p. 52.

letterkundige werk beskou. 'n Groot kunstenaar was hy nie—hy het homself ook nie as sulks beskou nie. Hy was iemand met 'n pittige, kernagtige styl, 'n gebore joernalis wie se seer persoonlike skryftrant die instrument was om die weloorwoë, praktiese, maar daarom nie minder hoogstrewende, idealisme van die Leier aan die man te bring. Hy is die volksman, wat skryf vir die volk, die leraar wat skryf vir sy gemeente, wat op aangename, die weetgierigheid prikkelende wyse vertel van sy ervaringe op sy groot en interessante reise opgedoen. Hoe moet „Die Koningin van Skeba” die lesers, waar hy voor bestem was, nie geboei het nie. Niemand sal dit vandag beskou as 'n uitstekend geslaagde historiese roman nie. Dis onbeholpe kuns, die uitbeelding van die verlede is nie erg oortuigend nie. Maar hoe oorspronklik is die opset, hoe suiwer die taal en wat 'n intieme verstandhouding is daar nie tussen die skrywer en sy lesers nie. Ons kan hier dieselfde sê, si parva licet componere magnis, wat Huet van Bosboom-Toussaint gesê het: „(Zijn) geest is groter dan (zijne) kunst, zijn fantasie magtiger dan zijne pen, zijn raadgevermogen sterker ontwikkeld dan zijn talent van boetseeren.” En in mindere mate voel ons ook hier dat „(hij) in niets doet denken aan eene middelmatigheid.”

Nederland het ongeveer dieselfde tyd 'n sterk oplewing gehad op velerlei gebied. Maar Nederland is 'n ou kultuurland met ingewikkelde verhoudinge en skerp geskeie groeperinge, en die oplewing openbaar hom daar in groepe wat ver vanmekaar staan. Daar was 'n onoorbrugbare kloof tussen die antirewolutionêres en die tagtigers. By ons sien ons die seldsame verskynsel dat die sterk oplewing op so velerlei gebied konsentreer in 'n kleine groep manne en van die kleine groep was Ds. S. J. du Toit die middelpunt. Met profetiese insig het hy geprikkel tot hernuwing, tot ontwaking op elke gebied, van die oorsetting van die Bybel in Afrikaans tot ontginning van die minerale rykdom van Suid-Afrika.

Daar hang 'n waas van geheimsinnigheid om die teleurstellende houding van hierdie man gedurende die bittere oorlogsjare. Waarskynlik sal ons later, as die swye van die wat weet verbroke is, beter begryp. Maar laat dit ons nooit blind maak vir wat hy vir ons gedoen het nie. Dit mag lyk of ek die medestanders en medestryders van Du Toit onderskat. Dit was nie my bedoeling

nie—ek wou slegs die volle lig op die Leier laat val. En hier wil ek aanhaal wat een van die medestryders self sê:

„Is daar nog persone in ons tyd wat beweer dat Piet Retief, Andries Pretorius, Andries Potgieter en Paul Kruger as voormanne van die Groot Trek, kan tevrede wees met die oes van erkenning, wat hulle ontvang het? Ons vergeet die opkomende geslag nie. Waarom moet die leier van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging en sy getroue helpers dan agter staan? Sou daar ooit 'n Afrikaanse Taalbeweging gewees het as Ds. du Toit die leiding op hom nie geneem het nie? Al die leiers in die wêreldgeskiedenis het een of ander fout begaan, maar dit ontslaan hulle nog nie van die feit: dat hulle hul spore afgedruk het op die kultuur en karaktervorming van hul volk. En ons vind die duidelike spore van ds. S. J. du Toit in ons skryftaal.”*

In Nederland verskyn daar op die oomblik 'n serie lewensbeskrywinge van geestelike voortrekkers van die Dietse stam. As die tyd eenmaal daar is vir 'n meer objektiewe oordeel, dan verdien Ds. S. J. du Toit 'n waardige plek in hierdie reeks.

(*) Uit die skriftelike mededeling van Mnr. C. R. von Wielligh.



HOOFSTUK IV.

(F)

OOM LOKOMOTIEF.

Deur Mnr. THOS. BLOK.

' **N** Kleine, maer mannetjie van ongeveer 70 jaar, die wit kophare onder 'n groot breërand swartheid weggesteek, 'n wit volbaard rondom 'n vrinde-like gesig, besig om die blomme in die tuin te begiet. . . .

Dit was die eerste beeld wat skrywer ontvang het van die man wat algemeen onder die naam van Oom Lokomotief bekend staan.

Dieselfde man, maar met 'n bril op die neus, waardeur twee sagte, vredige oë hom aankyk, in 'n groot leuningstoel voor die skryftafel in die biblioteek van die Prowinsiale Raad was die tweede.

En van dié oomblik af dat die tweede beeld ontstaan het is daar 'n band gelê tussen Oom Lokomotief en skrywer, wat daeliks sterker geword het, tot die dood die bande losgemaak het.

In hierdie artiekeltjie wil skrywer probeer om Oom Lokomotief te teken, as 'n kerkman, as volksleier, as raad-gewer, as vrind, as mens.

Reeds as 'n jong man het Mnr. Du Toit 'n sterke oortuiging op godsdienstige gebied gehad. En die oortuiging het met die groei van die jare vaster geword. Sy Bybel was hom dierbaar, meer, sy Bybel was sy gids, sy raadsman, sy trooster. Sy lewe is ingerig na wat sy Bybel vir hom voorskrywe. Dis 'n lewende woord vir hom wat hom altyd vergesel. Op sy skryftafel in die argiewe lê die Bybel in een van die vakkies, op sy tafel tuis lê dit by die hand. In die dag ondersoek hy die Woord elke keer as hy die geleentheid daartoe het, in die aand laat, as die

lampie nog in sy kamer brand, kan jy Oom Lokomotief daar kry met sy mooi silweromlyste gesig oor die Bybel gebuie. In die laaste paar jaar moes hy deur verswakte oë daarby altyd van 'n vergrootglas gebruik maak. Maar nooit was daar 'n skyn van uiterlike vertoon van godsdiens nie. Die Boek word weggelê sodra iemand hom kom besoek, maar waarskynlik weer opgeneem dadelik na die vertrek.

Die gevolg was dat hy daarin die weg geweet het soos maar min mense. Hoe dikwels het skrywer nie by hom gekom nie en gesê: Vandag het ek hierdie moeilikheid gehad. So het ek gehandel. Was dit reg? En sonder aarseling klink dit: „Paulus sê in..... Dus dis heeltemal volgens die Skrif.”

'n Parlements lid of Prowinsiale Raadslid kom na hom toe om sy opinie te hoor oor 'n wetsontwerp, en sonder aarseling word die opvatting gegee, gegrond op Gods Woord.

En hoeveel predikante het nie hulle moeilikhede in verband met gemeentelike werk voor hom gelê nie, om getroos, verlig en versterk terug te gaan.

Van die grootste kerkmanne het sy oordeel gevra, sy raad ingewin en selde is hulle sonder lig, maar nooit sonder hartlike simpatie weggegaan.

Prof. Kestell noem hom die natuurlike Bybelverklaarder, wat die aangebore gawe besit om 'n teks te deurgrond, wat na lang studie vir baie teologe duister gebly het. En so het sy vrinde hom geken, hulle wat na die kerkdienste hom opgesoek het om saam met hom in sy eenvoudige kamertjie onder die genot van 'n pyp tabak en 'n koppie koffie of tee, die preek of die gebeurtenisse van die week te bespreek.

Hy was ook 'n kerkman deur sy liefde vir die kerk waartoe hy behoort het:

„Waarom ben ik lid van de N. G. Kerk?
„Niet uit keuze. In mijn levensopvatting ben ik streng gereformeerd. Aan „toeval” of „toevallig” geloof ik niet „ofschoon ik soms die termen moge gebruiken. In alles to „in de kleinste bijzonderheden erken ik het Godsbestuur „(Kl. 3:37). Het was geen toeval dat ik geboren ben „uit ouders die tot de N. G. Kerk behoorden. Niet toe „vallig dat ik in die kerk gedoopt ben en later mijn „belijdenis afgelegd heb.

„Waarom ik er blijf?

„Niet omdat die kerk in mijn beskouwing volmaakt, of zoveel beter dan andere kerkgenootschappen is. Er was een lange periode in mijn jongelings jareen toen ik fout vond met vele praktijken in de Kerk.”

* * * * *

Sy besliste opvattinge oor die kerkleer het herhaaldelik oorsaak gewees van verskil tussen hom en die predikant onder wie se gehoor hy gewees het. En dikwels het hy dan sy opvattinge bekend gemaak. So skrywe hy aan een van sy lerare:

„Gij hebt openlik van de kansel verklaard dat onze kerk handen en voeten gebonden is door voorvaderlike gebruike, evenals een aan de Noordpool tussen ijsbergen vastgevroren schip dat de scheepslieden genoodzaakt is te verlaten om hun lewenswil.

„Maar waarom gaat gij dan niet voor om die lewens te behoude met “Pleasant Sunday afternoons” en dergelyke redmiddelen? Ik mag toch niet denke dat £600 per jaar bij u zwaarder weegt dan al die ziele die, volgens uwe voorstelling, noodwendig in dat reddeloos verlore wrek, moete omkome, so zij niet tydlig vluchte.”

Op ’n andere plek skryf hy:

„De vraag is niet of gij in deze de wet kunt ontduiken. Kerke raad of Ring bevredigen, uw geweten stillen, maar of gij u zult kunne verantwoorde bij die verschiene van den Oppersten Herder (1 Petr. 5:4). En hoe staat het met uw amtsseed, het door u ondertekend formulier?”

Hy kon met heilige verontwoording die voorgangers erwyte as hulle in sy opinie ontrou is aan hulle roeping:

„Gij zijt jong, sterk, vol geestdrift niet zonder talenten en kunt tot ’n grooten zegen zijn, maar dan . . . en deze is ’n onverbidde like voorwaarde—onder den invloed van Gods Heiligen Geest en niet onder beheer van” (volg die naam van die predikant.)

„Nog nooit, in mijne herinnering heb ik iemand aansproken of geschrewe als in dit schrywe aan u, en God geve dat het mij bespaard moge bliwe ooit weer eroepen te voele in het overige van mijn lewe.”

Hy klade dat die Openbaringe vir die meeste herders ’n eslote boek is, maar ondanks dit alles bly hy trou aan die kerk, ja, meer as dit, hy is in voortdurende korres-

pondensie met lede wat daaroor dink om die kerk te verlaat:

„Ik ben in voortdurende korrespondentie met mense die zich reeds van onze kerk hebben afgescheiden en anderen die gereed staan af te scheid; ik geloof dat ik 'n middel in Gods hand was om te verhinderen dat bijvoorbeeld te L—, niet meer van onze mense onze kerk verlaten hebben. Maak dan wat ik u bidden mag, met al de ernst van Christelike liefde, mijne handen niet slap, mijne pogingen niet krachteloos.”

Veertien dae voor sy dood kom skrywer hom na die kerkdiens in die hospitaal besoek. Daar lê hy uitgeteer en swak op die bed, wat so gou daarna sy doodsbed sal word. Die eerste vraag was, soos altyd as hy self nie die diens kon bywoon nie: „Wel wat was die boodskap vanmôre?” Stil luister hy toe na die verklaring van die teks soos aan hom meegedeel, maar wild ruk hy homself orent, die dowwe oë skiet vonke, die bleek wange kry kleur en daar begin hy sy verklaring te gee, en op grond van die Woord te bewys, dat die eerste verklaring nie suiwer was nie. Met die grootste spanning, ja met 'n duidelike klopping van sy hart het die besoeker (wat miskien die woorde nie eens suiwer oorgebring het nie) die buitengewone verandering gesien en hom verstom oor die geeskrag van die sterwende, wat die eer van Gods Woord selfs in sy swakheid nog kan en sal verdedig.

Ja hy kon van ywer vir die Ere Gods in toorn ontsteek soos mens alleen by die grootste Godsmanne van alle eeue aantref. En hy kon met die uitnemendste bewyse uit die Woord sy beskuldiging handhaaf, hy kon met gloeiende vuur en bewende van hartstog, tot tranes toe beweeg, sy verkropte gemoed ontlast, om daarna met 'n stille sug na die Woord te gryp en daarin bevrediging te soek wat die Godsmann nie kon skink nie.

Maar hy was ook 'n kerkman in die sin dat hy bereid was om te dien waar hy kon, te help waar sy hulp nog nodig was, om sy lig te laat skyn, as hy daartoe in die gemeente geroep word en dis hier waar hy sulke groot verdienste besit. Katkisasieklasse het hy gereeld gehad Bybelbesprekinge het hy dikwels besoek, sy opinie daar laat hoor en dienste gehou op wie sal sê hoeveel plekke in en buite die Unie van Suid-Afrika. 'n Kerkman daar 'n leier, ja, 'n profeet.

* * * * *

In die donker dae van die geskiedenis van Suid-Afrika toe die vyandelike troepe reeds naby die Oranje Vrystaat was en die burgers uitgetrek het om die vaderland te verdedig, het Oom Lokomotief herhaaldelik uitgegaan om hulle toe te spreek en moed in te plant. Daarop volg die besetting van Bloemfontein en ook toe het hy dié wat nog in die stad was beïnvloed deur sy geloofsvertroue.

Deur middel van een van sy bure word die nuwe bestuur op sy handelwyse opmerkzaam gemaak met die gevolg dat hy na Durban en daarvandaan na Indië getransporeer word.

Ook in Durban het hy sy kragtige taal laat hoor en dit was hier waar hy aan 'n Ds. Du Toit die merkwaardige, van geloofskrag getuende woorde laat hoor het:

„Nie omdat dit nie anders kan nie, maar omdat dit nie anders moet.”

En toe hy met soveel duisende ver van hulle vaderland in Indië in kampe 'n droewige, want hopelose en leë bestaan voortgesleep het, toe was dit weer Oom Lokomotief wat daar sy kerngesonde, lewenskragtige en voorspellende woorde laat hoor het:

„Wij zitten in Umbella kamp,

„Ver weg van huis en haard,

„Op Azies grond, in Hindoeland,

„Maar in Gods kracht bewaard.”

Daar was hy leier van godsdienstige byeenkomste, daar het hy die suiwer deur hom geliefde gereformeerde leer verkondig:

„Wijl hier geen predikanten zijn,

„Treedt op wie wil en preek;

„Geen schuchterheid in 't heiligdom:

„Gezonde leer ontbreekt”

Daar het hy die skatkamer van die Woord ontsluit om daarmee honderde lewensmoed en lewenskrag in te giet, om hul te laat berus in die teenwoordige deur hul weg te neem uit die kamphuisse en in hul verbeelding terug te voer na die geliefde Afrika, waar 'n nuwe begin sal en moet gemaak word, waar 'n roeping voor hulle lê, waar 'n vertrapte grondgebied smeek om arbeiders.

In Indië was hy 'n leier, in Indië was hy 'n profeet wat soos 'n Daniël getrou aan sy Heer, en getrou aan sy beginsele aan die volk, wat die klaagliedere sing, 'n toekomstlied laat hoor het, 'n lied van hoop en verlossing, 'n lied van bevryding uit die ellende, 'n lied van verlange

wat die harte versterk het en die bewuste gevoel laat ontstaan het dat daar nog 'n stryd, 'n aardse stryd moet gestry word, en dat hulle hier, in die ballingskap kragte moet versamel om klaar te wees as die basuingskal hulle oproep tot die stryd.

In Indië lê die terrein van sy werksaamhede, maar van werksaamhede wat nie geboekstaaf is nie, van werksaamhede waar die wêreld nie van weet nie, maar honderde van jong, fiere en kragtige Afrikaners is daardeur uit 'n nag van wanhoop gered, en vele wat in Indië gewees het, sal van 'n seënryke invloed kan getuig.

In die nalatenskap van Oom Lokomotief is 'n uitgebreide korrespondensie met sovele vrinde vir wie hy 'n raadgever was en daaronder is baie wat hom in Indië leer ken en aangeneem het as hul geestelike leier vir die res van hulle lewe.

Indië het sy profeet geken as Babylon en die geestelike invloed daar uitgeoefen deur die groot denker en spreker het veel na die vrede tot die gesonde ontwikkeling van die Afrikaner volk bygedra.

* * * * *

VOLKSLEIER.

Afrikaans word nou onderwys in alle skole van die Unie van Suid-Afrika, in skole in Rhodesië en Suidwes-Afrika. Dit word gestudeer in alle Uniwersiteitskolleges van die Unie. Daeliks word daar boeke en koerante en tydskrifte in die taal gedruk. Oom Lokomotief is een van die grootstes onder die grotes, wat met onuitputlike geduld met selfopoffering, en met groot ernsie die fondament gelê het. As leier van die Patriot het hy 'n seer belangrike, tot nou toe nie voldoende bekende rol gespeel in die eerste bedrywe, gedurende die moeilikste jare, toe byna elkeen in plaas van mee-, teëgewerk het. Mnr. Von Wiel ligh het baie gedoen om aan Oom Lokomotief die eer te gee wat hom toekom.

As 'n voorbeeld van die waardering van sy vriendekring en bewonderaars, publiseer ons hieronder een uit baie briewe met weglating van name, omdat ons geen verlof van plasing gevra het nie.

Den Weled. Heer

D. F. du Toit, anders Oom Lokomotief.

Waarde Heer en Vriend, — Hiermede wenschen wij

bondsleden van A— en anderen U onzen hartelijken dank te betuigen voor hetgeen door U in het verleden voor Land en Volk gedaan is. Toen het Afrikaner Volk vergeeten was, hebt gij voor ons geleden en gestreden, totdat wij in het Parlement ook vertegenwoordigd werden. Toen het donker rondom ons was hebt gij den Bond den weg gewezen, en ondanks smaad en hoon en verguizing zijt gij voor ons de voorvegter gebleven. Daarvoor danken wij U en wagen het U als een klein bewijs dier dankbaarheid en liefde, die wij voor U gevoelen, eene beurs aan te bieden.

Wij hopen dat gij nog vele jaren met „de Patriot” ons zult leiden. Moge de Allerhoogste Uwe krachten en gezondheid sparen ook ten onzen beste.

Namens eenige vrienden,

Maar op 'n ander groot gebied is dit nog so goed as onbekend wat „Oom Lokomotief” of soos in die korrespondensie baie vriende hom genoem het „Loko” gedoen het. In die geskiedenis van die Adendorff-trek was hy die leier by uitnemendheid. Die geskiedenis is nog onbeskrewê, alleen word daar in 'n paar boeke een en ander gesê, b.v. in 'n lewensgeskiedenis van Cecil Rhodes, en in die boeke van Dr. Leyds.

Maar in die eerste plek is die beskouinge van die Adendorff-trek daarin onvolledig en wat erger is, onjuis. Dis hier nie die plek om uitvoerig oor die trek te handel nie, maar dit sou tog eintlik nodig wees om die groot betekenis en karakter van Oom Lokomotief te verklaar.

'n Deel van die dokumente is in hande van die skrywer, deur Oom Lokomotief aan hom nagelaat. Uittreksels uit een daarvan volg hieronder om vir die lesers wat nie so goed met dié deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis vertrou is nie, die historiese agtergrond te gee, waarop 'n belangrike deel van Oom Lokomotief se werksaamhede verskyn:

* * * * *

RAPPORT

van het

TREK-COMITE,

benoemd te Florisdrift op 26 Juni 1891.

1. Dit Comite is handelend opgetreden en werkzaam geweest uit kracht eener resolutie, gepasseerd te Florisdrift aan de Limpopo op 26 Juni 1891, door zekere personen, die toen aldaar als Banjailand Trekkers tegenwoordig waren en anderen vertegenwoordigden.
2. De aanstelling van dit Comite had ten doel de toezegging van zekere rechten, op Banjailand, later door een schriftelijke Concessie verzekerd, te doen gelden; op eene wijze als het Comite best oordeelde.
3. Alvorens verslag te doen van eigene werkzaamheden, en wat sedert zijne aanstelling in deze kwestie is gedaan, wenscht het Comite een beknopt overzicht te geven van wat in deze, zijne aanstelling, is voorafgegaan.

Het is geen geheim dat zekere personen uit Zoutpansberg, omtrent het jaar 1881 van de wettige eigenaren benoorden de Limpopo, bij mondelingsche toezegging en overeenkomst, grondrechten hadden verkregen, welke rechten in de maand Augustus 1890 werden omschreven en bekrachtigd in de volgende schriftelijk verleende Concessie:

* * * * *

Bevestiging van de in 't vorige paragraaf vermelde feiten vind men in een Proklamatie en Protest door de Opperhoofden en Kapiteins met hunne raadslieden uitgevaardigd in Europeesche Nieuwsbladen gepubliceerd en in Zuid Afrikaansche Couranten overgenomen.

Tusschen 1881 en 1891 was er — vooral onder Transvaalsche meer bepaaldelijk Zoutpansbersche, ingezetenen herhaaldelijk sprake van een Expeditie of trek naar Banjailand, die om verschillende redenen van den eenen winter tot den anderen werd uitgesteld.

Eerst in het begin van 1891 richtte de heer L. D. Adendorff, een der Concessionarissen, en tevens secretaris van de Concessionarissen, een schrijven aan zijn medelandgenooten in Zuid Afrika in de Nieuwsbladen, hen verzoekende deel te nemen aan een Trek naar, ter occupatie van, Banjailand, krachtens de voormelde verkregene rechten.

* * * * *

De Drukpers, Hollandsche zoowel als Engelsche, had zich, met weinige uitzonderingen aan den anderen kant geschaard. Dit alles, en vooral de Proklamatie van President Kruger later door den Volksraad bekrachtigd, met confiscatie, boete en gevangenisstraf dreigende, oefende zoo als licht te begrijpen is een verslappenden invloed op den nog ongeorganiseerden en in wording zijnden Trek uit.

Sommige leidlieden, hoofden en voormannen van den Trek vertrouwende op wettigheid en rechtvaardigheid hunner zaak, lieten zich niet van koers brengen maar waren gedetermineerd voort te gaan en volgens bepaling van 15 Mei tot 1 Juni aan de Limpopo te vergaderen, en den Trek formeel te organiseren, en hun recht en aanspraak op Banjailand te doen gelden, waardoor de zaak een zeer ernstig aanzien verkreeg.

Ten gevolge eener Koloniale beweging om eene Deputatie, onder de Gecharterde Compagnie, af te zenden om Mashonaland te gaan bezien, welke Deputatie op haar doorreize Pretoria zou aandoen, om voormannen van de Trek te ontmoeten, en te zien tot een vriendschappelijke verstandhouding te komen, werd de Trek vertraagd en bleef men de aankomst der deputatie afwachten.

Tegen 24 Juni waren een honderdtal trekkers uit verschillende deelen van Z. A. te Florisdrift aan de Limpopo vergadert, onder de provisioneele aanvoering van den heer D. J. Malan, een der twee Trustees, op wien de concessie ten faveure der Trekkers gecedeerd was.

De trek werd belet de Limpopo door te gaan door zekere Dr. Jameson, die gesteund was met een gewapende macht met grofgeschut en voorgaf te handelen namens de Gecharterde Compagnie en onder

instruksies van den Hoogen Commissaris, gelijk blijkt uit de gepubliceerde Notulen van een onderhoud dat tussen den heer Malan en den Dokter voornoemd, plaats had op den 25 Juni, bij welke gelegenheid Malan mondelings protesteerde tegen deze wederrechtelike handelingen. Op 26 Juni hadden de Trekkers eene formeele bijeenkomst en steunende op de rechtvaardigheid van hunne zaak besloten zij die in handen van dit Comite te stellen en terug te keeren om bloedvergieten te voorkomen.

* * * * *

PROTEST.

Tevens richtte het Comite een Circulaire aan hunne medelandgenooten, waarbij en waarin opgenomen werden (a) Notulen van het onderhoud tussen Malan en Dr. Jameson; (b) Notulen van de Trekkers vergadering waarbij dit Comite werd aangesteld, (c) Het protest aan de H.C.; (d) Een Petitie van Rechten of Nationaal Protest; (e) Correspondentie tussen Malan en Rhodes; (f) Antwoord en voorstel van dit Comite aan Rhodes.

De zaak der trekkers scheen langzaam maar zeker veld te winnen vooral in de Kaapkolonie. Dit bleek duidelik met de vergadering te Burgersdorp op 4 Nov. 1891, alwaar de heeren van Soelen en D. F. du Toit D.P.z., daartoe uitgenoodigd de zaak der Trekkers vertegenwoordigden, en de volgende resolutie gepasseerd werd.

Uit die slot van die dokument haal ons nog die volgende sin aan:

“Had het Comite over ruimere middelen te beskik ken gehad, 't had meer kunnen doen; maar om bij *persoonlike opofferinge* (onderstreping van die skry wer) ook nog voor het grootste gedeelte zelf de di rekte kosten te dragen, was niet boven het willen maar boven het vermogen van 't Comite.”

Hierdie waardige stuk met duidelike inhoud, soos van 'n ervaare persman kan verwag word, verskyn in die hand skrif van Oom Lokomotief self en is waarskynlik oordeur hom self opgestel. Duidelik blyk daaruit dat Oor

Lokomotief die hele beweging op prinsipiële gronde gesteun en gelei het en dis dus nodig om die beginsele te ondersoek.....

Oom Lokomotief is in die geskiedenis van die tyd die erkende teenstander van Cecil Rhodes en sy politiek. Geen oomblik in sy lewe het hy die groot finansier en imperiale polietikus as 'n betroubare leier beskou nie. Intendeel het hy in hom 'n gevaarlike vyand gesien van die Afrikaner saak, en hy het die beste kragte van sy lewe gegee om die kolossus te bestry. Albei het hulle imperialistiese ideale gehad, die een dromende van 'n verenigde Suidafrika onder Britse bestuur, die ander van 'n verenigde Suid-Afrika, maar onafhankelik van die buiteland.

Dié twee ideale moes in botsing kom. Uit die in skrywer se besit synde, gevoerde korrespondensie kom die „verenigde onafhankelike Suidafrika” elke keer te voorskyn, en dis die „stille krag” wat dit mondeling en skriftelik steeds bevorder het.

„Die stille Krag” is miskien die beste naam wat aan Oom Lokomotief in hierdie beweging kan gegee word.

Net soos hy in die tyd van die Patriot ook altyd werksaam is, maar selde op die voorgrond tree, so is dit ook in hierdie tyd. Oom Lokomotief voer die korrespondensie, stel die dokumente op, besoek die Trekkers op hul tog, skryf lang verdediginge aan die vernaamste blaai van Suid-Afrika, hy adviseer, administrateer, propageer, protesteer, maar nooit as D. F. du Toit nie.

En dis juis daardeur dat hy die oor van Suid-Afrika, die vertroue van die beweging, die vriendskap van die Trekkers, gekry het. „Die stille Krag” is seker wel die beste naam wat ons vir hom kan gee, want verborge was hy gewoonlik, hoewel nie uit vrees nie, maar 'n krag, wat onmiskenbaar was in sy gevolg.

In een van sy redevoeringe in die Kaapse Parlement gehou, sê Cecil Rhodes die volgende: “If ever there was a proud man, it was an Englishman. The only man to cope with him was a Dutchman.”

En verder: “You have only to read Motley's History of the Dutch Republic to see how the Dutch fought the Spaniards and were beaten; how they returned again and again, and were beaten again and again; and now they are the most dominant race in the world—except perhaps the Englishman.....” Verder: “It has been a great problem in this country the fusion of the two races, both

of them, exceptionally dogged in character, but I think we are getting tied together.....”

C. Rhodes het oor en oor geleentheid gehad om met die “Dutch” en hulle karakter kennis te maak, sy oordeel is dus op veeljarige ervaring gegrond. Wie sal sê of hy daarby ook nie beïnvloed is deur Oom Lokomotief nie, toe hy sy oordeel gevorm het. Hoe dit sy, dit lyk vir ons, of hy ook aan hom gedink het. Want die stryd tussen C. R. en sy politiek aan die een kant, en Oom Lokomotief en sy prinsiepes aan die ander kant is deur bostaande uitnemend gesimboliseer.

Oom Lokomotief het hierdie eienskap, “exceptionally dogged in character”, in die geveg vir sy beginsele voortdurend aan die dag gelê. En hy het aangegaan met die stryd, ofskoon elke keer verslaan, want hy het sy ideaal, laat ons sê sy imperialistiese ideaal behou en dit het hom gelei en daardeur was hy nooit verslaan nie, ook as hy verloor.

En terwyl hy in staat gewees het om die hoë ideaal van ’n groot verenigde Suid-Afrika vas te hou in sy gedagtegang, moes hy toesien dat hy verloor.... dat die trek ’n mislukking geword het, dat die groot “Empire” en sy staatsmanne hom oorwin het, maar nooit in sy lewe (tenminste nie in die laaste 10 jaar van sy lewe nie) het daar een woord van verbittering oor sy lippe gekom nie. Ook hier het hy getoon dat hy hom laat lei het deur sy in Durban uitgesproke beginsel: „omdat dit nie anders moet.”

Ja, groter verskyn hy voor ons deur sy nederlaag, omdat hy as ’n Willem die Derde, koning van Engeland en Stadhouer van Holland, die sterkste word as hy verloor, en dan die gevaarlikste blyk.

Sy ideaal is in sy lewe nie verwesenlik nie, maar elke dag kom ons ’n stappie nader en terwyl daar reeds ’n groot getal Afrikaners in Rhodesië gevestig is en die getal nog jaarliks toeneem is die tyd miskien nie heel ver nie dat tog die verenigde Suid-Afrika sal ontstaan, en dan soos die Afrikaner staatsmanne dit hierdie jaar so duidelik in die parlement laat hoor het, as die gelyke van Groot-Brittanje, met die erkende *reg* om „af te skei” as die tyd daartoe gekom het.

Die saad, so ryklik deur Oom Lokomotief gestrooi, *het*

vrug gedra, en die vrugte het honderdvoudige oeste gelewer.

Het Oom Lokomotief erkenning vir sy groot verdienste ontvang? Cecil Rhodes het 'n land as monument wat sy naam dra, Jan H. Hofmeyr sy standbeeld, Oom Lokomotief wag, nee wag nie, en wens dit nie, dat sy naam die plek sal inneem in die ry van leiers wat hom toekom. Sy beskeidenheid het hom verbied om 'n rol te wil speel om geëer te word, om na die goedkope prys van populariteit te strewe, maar vergeet is hy nie, en die tyd sal kom waarop sy verdienste as volksleier op taal- op Godsdienstige en op staatkundige gebied openlik sal erken word deur hulle wat die vrugte van sy leierskap so ryklik sal pluk.

VRIEND.

Niemand ken 'n ander volkome; daar is 'n plek in elkeen se hart wat selfs vir die intiemste vriend ontoeganklik is. Maar as ons aan Oom Lokomotief dink dan lyk dit tog nie so nie. Sy gedagtes was so helder, sy hart so oop, sy raadgewinge aan sy vriende so belangeloos, was daar in sy hart ook 'n geslote kamertjie? As ons aan die selfbeskuldiging dink, aan die trane wat hy in aanwesigheid van sy vrinde oor sy eie tekortkominge gestort het, dan is dit amper onmoontlik. Maar in elke geval het hy soveel aan sy vriende gegee, van sy lewenswysheid, sy ervaringe, sy liefde en vriendskap dat hy daardeur in hulle harte 'n monument van onverganklike skoonheid opgerig het, 'n monument wat met eerbied en bewondering aanskou word.

En al die vriende sal hom erken as die edelste mens, as die ideaal van 'n Kristen, as die verpersoonliking van 'n „Regte Afrikaner.”

Sy sagte hartlike stem het troos gebring in die bedroefde harte van die treurendes, sy teenwoordigheid op 'n famieliefees het die feesvierendes met 'n hoëre blydskap vervul, sy raadgewinge het uit wanorde, orde geskep, sy waarskuwinge het die onversigtiges bedagsaam gemaak.

* * * * *

Op die Bloemfonteinse begraafplaas staan 'n eenvoudige klip, deur die Afrikaanse Studentebond as 'n klein bewys van hulle eerbied vir die groot Afrikaner opgerig.

Is dit nie 'n hoopvolle teken nie, dat die jong geslag van Afrikaners straks Oom Lokomotief sal erken as die man met die groot ideale wat ook hulle besiel?..... Om dan met verenigde kragte na 'n groot doel te strewe, 'n doel wat te vinde is in die lewenswerk van

OOM LOKOMOTIEF.

Bloemfontein,
24 April, 1926.

—o0o—

TWEE BRIEWE VAN OOM LOKOMOTIEF.

Onderstaande twee briewe van Oom Lokomotief (kort voor sy dood) aan Mnr. von Wielligh, is aan die redaksie gestuur deur Mnr. G. R. von Wielligh, waarvoor ons hom baie dankbaar is. Hieruit blyk die godsvrug van Oom Lokomotief. In sy stilheid was hy 'n groot man! Mnr. von Wielligh skryf ook vir ons dat een van Oom Lokomotief se gesegdes aan-hom was: „'n Boel ou verroeste yster is nie meer 'n lokomotief nie.”

Bloemfontein,

19/2/'22.

Geagte Neef,—23 Jan. het jou brief van 18de Jan. ontvang en nog al die tyd nie beantwoord nie, en nou van aand voel ek so pap onder bewerking van 'n ongenooide en onwelkom verkoudheid, dat ek meer lus het om te gaan lê as te sit skrywe. Maar van uitstel kom afstel en dus maar geen verdere vertraging nie.

Ja, vrind Hoogenhout is weggeval! Nou is ook Genl. C. R. de Wet van die toneel af verdwyn! Wanneer kom my beurt? Ek herhaal my versoek: Swyg asseblief. Ek was altyd maar 'n nul in die syfers; 'n spilletjie in die masienarie, en het daar geen eer of verdienste aan dat ek in die tyd geleef het en as sodanig gebruik is nie. Laat my dan asseblief maar as 'n in die stof weggeraakte spilletjie verroes en vergaan. Niemand weet tog wie en wat 'n mens is nie, as hy self (1 Kor. 2:11). Gaan dan nie lieg oor my stof nie. Ek hoop dat op my doodkis ook geen enkele kransie sal gelê worde nie. Nou ja, jy weet dit.

Wat van ons Boland toe gaan? Sal ons nie maar 'n paar van die koudste wintermaande daar gaan deurbring nie? Ek het my oë nog nie weer laat ondersoek nie, en daarvan hang my gaan af.

By ons hier bly dit betreklik droog. Ons kry af en toe reën, maar erg suinig. Selfs in dele waar dit tamelik gereën het, word geklaag dat dit nie genoegsaam is om met gerustheid die winter in te gaan nie. Ek het laas in 'n Engelse tydskrif gelees dat die wetenskaplike manne, ex-perde se dat die ou wereld nou weer staan voor 'n periode, wat die droë-periode genoem word, en dit sal glo duur tot 1934 of 1935. Ongelukkig vir hulle, gelukkig

vir die ou wereld dat die voorspellings en berekenings, meermale misluk as uitkom. Ek wonder wat 'n *ex-perd* is, ek dink 'n muil. Maar eer ek my op wetenskaplik gebied waag en bespotlik maak, sal ek jou liever 'n „goeie nag!” wens.

Wees dan maar weer met huisgenote minsaam gegroet van

Jou ou Neef,

D. F. DU TOIT.

Oou hoesnote

21/12/'21.

Geagte Vrind,

Die allerbeste wense by die wisseling van die jaar! 'n Geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar.

Hoe gaan dit nog? Met ons twee oudjies taamlik, en met die vakansie woel dit in ons anders stille huis. Alreeds is daar 2 huisgesinne kinders en kleinkinders (14 persone) en meer word verwag. Maar o! die vreug van weersien is tog so groot en laat 'n ou mens dink aan die Vaderhuis daarbo, waar geen plaasgebrek is nie.

Groete en heilbede,

t.t. D. F. DU TOIT.*

(*) Sy laaste gelukwens aan my. Oorlede 13 Jan. 1922. (G. R. von Wielligh.)



HOOFSTUK V.




C. P. HOOGENHOUT.

PERSOONLIKE HERINNERINGE UIT SY LEWE EN WERK.

Deur P. IMKER HOOGENHOUT, B.A.

I.



P 11 Maart, 1843, het Casper Peter Hoogenhout die eerste lewenslig aanskou in die wêreldstad, Amsterdam. Sy vader was uit die gewone burgerklas, maar sy moeder was van goeie geboorte, en diegenes wat die voorreg gehad het om met Casper intiem om te gaan, kon in die seun die adel van die moeder herken. Casper was die oudste van die kinders en die trots en cogappel van sy moeder, wat hom waarskynlik 'n bietjie bederwe het. Hy was dertien jaar oud toe hy sy moeder verloor het, en tot sy dood toe kon hy nooit sonder 'n bewoë gemoed van haar gewag maak nie. Ongelukkig vir die jong Casper was sy vader se tweede vrou nie iemand wat hom begryp of die minste simpatie betoon het nie. Self 'n weduwee met 'n seun, het sy altyd haar eie spruit voorgetrek en haar stiefkinders afgejak. Casper moes dit veral ontgeld, en daar hy buitengewoon skrande en leergierig was, terwyl haar eie seun geen van beide karaktertrekke besit het nie, moes eersgenoemde tot vervelens toe aanhoor: „Casper wil net pennelikker zijn,

terwyl mijn zoon moet werken!" Dit skyn of ou vader Hoogenhout hom nie besonder met die huislike sake bemoei het nie, maar vir die fynbesnaarde Casper het dit later só ondraaglik geword dat hy besluit het om sy vaderland vaarwel te sê en na Suid-Afrika te verhuis. Hy het hom 'n vreemdeling in sy eie vaderhuis gevoel!

Op heel jong leeftyd dus—ek weet self nie hoe vroeg nie, maar meen dat hy skaars sewentien jaar oud was—het Casper in Kaapstad aangeland na 'n vermoeiende see-reis van 3 maande in 'n seilskip.

Die eerste paar jaar van sy verblyf aan die Kaap is selfs vir sy eie famielie 'n geslote boek, en dit was slegs by louter toeval dat skrywer deses 'n jaar of wat gelede by 'n ou kennis van Hoogenhout uit die jaar 1860 uitgevind het dat Casper in daardie tyd klerk was op die kantoor van die Nederlandse konsul in Kaapstad.

Waarskynlik het hy gedurende hierdie tydperk kennis gemaak met Arnoldus Pannevis, 'n taalgeleerde en medikus, wat ook Hollander van geboorte was. In een van sy geskifte staan hierdie woorde: „Op 14 Augustus, zijnde de negende verjaardag van het *Genootschap van Regte Afrikaners* is ontslapen mijn dierbaarste vriend en broeder, Arnoldus Pannevis, aan wien ik zulke verplichting heb als de eeuwigheid eens zal openbaren. Wij hebben hem begraven in den familiiekelder van Ds. van der Lingen van de Paarl. Zacht ruste zijn assche tot Jezus komt en wij elkander zullen weervinden. Amen.”

Wat die obligasie is, kan maklik gegis word. Hy het onder Pannevis se weldadige en kristelike invloed—want laasgenoemde was buitengewoon vroom en godsdienstig—tot bekering gekom, en het sy studies wat in Holland onderbreek is by sy nuwe vriend voortgesit en voltooi. Interessant is dit om Pannevis se papiere — die bietjie wat oorgebly het — te deurblaai en te sien oor watter kennis die man beskik het, en Casper was juis die persoon om van hierdie breë skat ten volie te profiteer. In sy amp as onderwyser het sy opgedane kennis hom goed te stude gekom, soos sy oud-leerlinge kan getuig. Daar was werklik baie min onderwerpe waaroor C. P. Hoogenhout nie met 'n seker mate van gesag kon spreek nie.

Van nou voortaan het Casper hom aan die onderwys gewy, en vir meer as veertig jaar mog hy leiding en rigting gee aan die jeug van Groenberg in 'n buiteskool wat sowat ses myl van Wellington geleë is. Hier het hy die dame ontmoet wat bestemd was om sy lewensgesellin te

word en hom vandag nog oorleef. Catharina Maria was 'n dogter van oom Frans Marais wie se een seun 'n Afrikaanse dokter in die medisyne was, terwyl die jongste seun, Dr. Koos Marais, rektor van die Stellenbosse Gimnasium, geen onbekende opvoedkundige in die Westelike Provinsie was nie.

Meer as eens het hy getrag om sy eggenote te beweeg om 'n reis met hom na Holland te onderneem, dog sonder sukses en op hierdie wêreld was dit hom nie beskore om ooit weer sy geboorteland te sien nie.

In 1908 het C. P. Hoogenhout op pensioen afgetree en het hy sy laaste jare gaan slyt op Optenhorst, Boven Vallei, naby Wellington, alwaar hy die ewige rus ingegaan het op 13 Januarie, 1922.

Die voorgaande is 'n baie vlugtige skets van sy lewe en ons voel dat ons sy nagedagtenis onreg sal aandoen as ons hiermee moes volstaan. In die volgende hoofstukke stel ons derhalwe voor om nader met hom kennis te maak en wel (1) as mens, (2) as onderwyser, en (3) as skrywer en sy verhouding tot die Eerste Afrikaanse Taalbeweging.

II.

C. P. HOOGENHOUT AS MENS.

Ek glo nie dat C. P. Hoogenhout ooit *een* vyand gehad het nie, en as daar so iemand was, dan moes die skuld seker nie by die eersgenoemde gesoek word nie. Die bevel om jou naaste lief te hê as jouself, het hy, sover dit menslik moontlik was, in beoefening gebring. Nooit het ek by ons aan huis my vader of moeder van enige persoon hoor kwaadpraat nie. As 'n buur iets gedoen het wat laakbaar was, dan was C. P. Hoogenhout gewoonlik die eerste om te sê dat dit wel nie so erg sal wees as wat die mense dit maak nie, en 'n verskoning vir die persoon se handelwyse te vind. En wie het ooit om hulp—geldelik of andersins—verniet by hom aangeklop? Persoonlik weet ek van etlike persone wat hy op die been gehelp het, en die werklike arm man het nooit tevergeefs by hom om hulp gesmeek nie. Ja waarlik, hy het die hongeriges gevoed, die naaktes gekleed en dié wat in die benoudheid was opgesoek en hieronder moet ook die gekleurdes van die buurt getel word.

En dit bring ons tot 'n ander karaktertrek van C. P. Hoogenhout, te wete sy vroomheid en godsvrug. „Wat ek vandag is, het ek naas God aan C. P. Hoogenhout te danke”, het meer as een persoon al aan my gesê. En die bruinmense van die Bovlei treur tot vandag toe nog oor die heengaan van *Meneer*, soos hulle almal vir hom genoem het. In Groenberg het hy gereeld vir die gekleurdes elke Sondagaand 'n diens gehou, en dit het selde gebeur dat die skoolsaal nie vol was nie. En gedurende die week het hy in sy vrye tyd 'n katkisasiëklas vir hulle gehou en dié wat daartoe begerig was vir die aanneming voorberei. In die Bovlei het hy dikwels die dienste Sondags waargeneem as Eerwaarde Pauw op die dorp moes preek. Skertsend is dan ook van hom gesê dat hy Mnr. Pauw se hulp-prediker was. „Ek het die genadegif om niet ontvang en ek gee dit om niet!” het hy blymoedig uitgeroep, maar in dieselfde asem gekla dat daar te min omgee word vir die sedelike en geestelike welsyn van die boere se werksvolk. En wie, wat hom by die huisgodsdienste of in 'n biduur in die gebed hoor voorgaan het, sal dit ooit vergeet? Dog meer nog deur sy handel en wandel het hy getoon wat ware vroomheid beteken, en ek verstout my om te sê, dat niemand in die omgewing waar C. P. Hoogenhout so lank gewoon en gewerk het, hom van een gemene daad kan betig nie. By hom was die godsdienste 'n werklikheid en nie 'n dekmantel van skynheiligheid nie.

In die omgang met sy medemens was hy baie nederig en beskeie en hy het die kuns meesterlik verstaan om die geringste persoon in sy teenwoordigheid op sy gemak te laat voel. Meer as een hoë pos is hom aangebied terwyl hy onderwyser op Groenberg was, maar telkens het hy so 'n aanbod van die hand gewys, deels omdat hy te beskeie was om dit te aanvaar en deels omdat hy gemeen het dat hy as onderwyser 'n edeler werk verrig.

Waar die plig hom geroep het, daar het C. P. Hoogenhout gevolg en hom nie van sy ingestae weg laat afskrik nie. As ouer, onderwyser, burger en kristen het sy eie persoon steeds by homself die ligste geweeg en het hy alles veil gehad vir sy kinders en sy aangenome land. In 1873 en later toe hy oortuig was dat die Afrikaanse volk alleen behou kon word deur sy taal te red en vir hom die Bybel in sy eie taal te verskaf, het hy sonder aarseling homself tot die stryd aangegord en hom met hart en siel aan die saak gewy, hoewel hy daardeur byna sy broodwinning kwytgeraak het.

En eindelijk, C. P. Hoogenhout was tot sy dood toe die ware *gentleman*. Teenoor sy vrou, sy kinders, sy naaste en sy bediendes was sy gedrag en verhouding altyd onberispelik. Sy dood laat 'n leegte in die hart wat nooit weer sal opgevul word nie.

III.

C. P. HOOGENHOUT AS ONDERWYSER.

Dis alte waar dat 'n onderwyser op sy leerlinge afdruk wat hy is en nie wat hy ken nie.

In die skool op Groenberg is daar vernaamlik nadruk gelê op karaktervorming en minder gedoen aan die volpomp van wat by sommige mense deurgaan vir kennis. Hieruit moet nou nie afgelei word dat die verstandelike ontwikkeling van die leerlinge heeltemal verwaarloos is nie. Die teengestelde is waar. en die hoërskole op Wellington, sowel as die normaalskole, was maar alte gretig om oud-leerlinge van Hoogenhout se skool op hulle registers in te skrywe.

'n Jaar of vier voordat C. P. Hoogenhout op pensioen afgetree het, het 'n sekere skoolinspekteur van die Kaapprovinsie aan die skrywer van hierdie skets gevra, waaraan dit toe te skrywe was dat Groenberg se kinders byna sonder uitsondering so'n goeie figuur slaan in die hoër onderwys op Wellington en ander plekke. My antwoord was kort en saaklik. In die eerste plek omdat hulle moedertaalmedium onderrig ontvang in Groenberg se skool en in die tweede plek omdat hulle geleer word om selfstandig te dink en te werk. Dis onnodig om verder op die meriete van die saak in te gaan, want hierdie beginsels het in ons tyd byna aksiomas geword in die onderwyswêreld; maar dis darem opmerklik dat C. P. Hoogenhout hulle reeds voor 1880 en later in sy skool toegepas het, toe almal in die Kaapprovinsie nog gemeen het dat die heil van die opkomende jeug moet gesoek word in Engels as voertaal.

In die somer het die skool om halfnege begin en om halfvier in die agtermiddag gesluit, met 'n rustyd van twee uur tussen in vir ete en ontspanning. Hoe goed heug dit my nog hoe die seuns elkeen met die middagpouse sy blikemertjie met kos voor die dag gehaal en agter

die waenhuis gaan sit en eet het. En moenie praat van die kosruilery en goedgeemeende plaery wat daar aangegaan het nie! So'n onding soos 'n een-sessie het die ouer, die onderwyser en die kind nog nie geken nie.

Die skool is altyd met gebed geopen en gesluit, en al die kinders moes in die skoolsaal hiervoor vergader, en wee die leerling wat nie op sy plek was nie of vir hom onstigtelik gedra het onder die gebed. Die gewone vakke, soos voorgeskrywe deur die Kaapse leerplan, word in die loop van die week behandel, dog op Vrydag agtermiddag het die Bybel en die Kort Begrip hulle plek ingeneem. En pas op vir jou as jy jou Bybelversies of vrae nie ken nie! Dit was veral gedurende hierdie periode dat C. P. Hoogenhout, sonder om juis vir hulle te preek, sy leerlinge uitstekende lesse meegee het vir die stryd van die lewe.

In sy jonger jare het hy nog al dikwels die hulp van die rotting ingeroep om die goeie orde te handhaaf en tug in sy skool uit te oefen. Trouens dit was ook net so volgens die gees van die tyd, en ouers het eerlik gemeen dat 'n onderwyser wat nie baie klop onder sy leerlinge nie, sy sout nie werd was nie en as meester 'n hopelose mislukking was. In sy ryper jare egter het hy baie, baie selde die tugroede gebruik, en toe skrywer deses eendag die opmerking maak dat daar volgens sy mening meer onder die jongspan moet geslaan word, was sy antwoord: „My kind, die feit dat iemand 'n rotting nodig het om die tug in sy skool te handhaaf is op sigself al 'n teken van swakheid by die onderwyser. Nie uit vrees vir die lat nie maar uit liefde en respek vir jou moet jou leerlinge gelei word om in alle opsigte jou wil te doen.” Hoewel ek destyds met hierdie sienswyse nie heeltemal akkoord gegaan het nie, het die ondervinding my later al meer en meer die waarheid van sy woorde laat insien.

Op goeie skrif en netheid was hy baie gesteld, en die meeste kinders wat sy skool verlaat het, kon dan ook 'n taamlieke mooi, leesbare hand skrywe,—'n deug wat heilas! hoe langer hoe skaarser by skoolkinders te vinde is.

Dis interessant om te sien watter boeke in die skool gebruik is tussen die jare 1870 en 1880, en ek sluit hierdie hoofstuk met 'n lysie van boeke wat destyds van J. C. Juta, J. H. Rose en J. M. Belinfante ontbied is. Hier volg enige: *Psalm- en Gezangboeken*; *Uit de Natuur*; *Gerdes: Naar Jeruzalem (3 delen)*; *Bergman: Algemene Geschiedenis*; *Kort Begrip*; *Bergen in 1872*; *Geology*;

Morell's Grammar; Picard's Dictionary; Prentebokjes; Huisaltaar; Royal Readers; Chambers' Arithmetic; Chambers' Outlines of Geography; Changuion Translations; Trap der Jeugd, ens.

C. P. HOOGENHOUT AS SKRYWER.

IV.

Waar C. P. Hoogenhout hom veral verdienstelik gemaak het is as skrywer, en meer bepaald in verband met die eerste Afrikaanse Taalbeweging en die stigting van die Gencotskap van Regte Afrikaners. Hy en sy vriend Pannevis het al heel gou ingesien dat as die Hollandse taal ooit sy bestaan in Suid-Afrika sou handhaaf, dan moes dit wees in sy Afrikaanse en *nie in sy Nederlandse* kleeed nie. As onderwysers en opgevoede Hollanders het hierdie twee 'n beter kans gehad om te sien dat Nederlands vir die Afrikaanse kind en ouer amper net so vreemd was as Engels. Dit sou nooit gaan om een taal te leer skrywe en 'n ander een te praat nie. Afrikaans moes tot skryftaal verhef word.

Een van die vernaamste dryfvere egter wat Pannevis en Hoogenhout tot hierdie stap aangespoor het, is tot dusver alte dikwels uit die oog verloor. Ek laat hier 'n brief volg, wat vir homself spreek. Dis in Pannevis se handskrif, maar ek is van mening dat dit deur hom en Hoogenhout opgestel is. Aan wie dit gerig is, kan ek nie met sekerheid sê nie, hoewel dit heel waarskynlik vir die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap bedoel was en daarom in Engels geskrywe is. Die brief in my besit is 'n ruwe kopie in potlood van die oorspronklike, en lui as volg:-

“Gentlement,

I feel obliged and take the liberty to write to you on a subject of the highest importance. The language of Cape Colony, originally a Dutch settlement, is a kind of corrupted Dutch. Ever since the English took possession of it in the beginning of this century, the English language has been patronised and the Dutch tongue gradually suppressed. Especially in our days the secular and clerical authorities conspire wholly to eradicate the remnants of the Dutch language and to secure for the English language a thorough and universal dominion. Perhaps they may succeed, and in the course

of time all the inhabitants of South Africa may use and understand the English speech, but many years have yet to elapse before that period commences. In the meantime what will be the state of affairs? At present the English Bible is of no use for the greater part of the people, and at the same time for thousands and thousands among the Dutch speaking population the Dutch Bible must be regarded as a closed book. For in the course of years, partly by the neglect of the native tongue, a dialect has been formed, idiomatically quite different from the Holland Dutch; and as there are no other Dutch Bibles printed than in the Holland Dutch language, we may say indeed, that many thousands in Cape Colony are without any Bible; and this also is undoubtedly one of the causes of the degradation, rapidly increasing, among the colonists, especially the coloured population. A fearful prospect lies before us! The Bible only can help us! Professor Hofmeyr of the Seminary of the Dutch Reformed Church at Stellenbosch lately acknowledged to me in a letter the necessity of a Cape Dutch translation of the Holy Scriptures. Many thousands may be won and society improved. I bring this important affair to your notice, hoping that the Lord of Mercy may bend your hearts and fill your spirits with mighty ardour for the increase of His Kingdom in South Africa. I conclude by observing that for a few thousand inhabitants in the Dutch West Indian Islands a New Testament in a Dutch dialect has been printed, while the many thousand South Africans under British rule have up to this time as yet been neglected! The number of souls for whom the edition of a Cape Dutch Bible is desirable, may be estimated at more than a million. Others compute the number at more than a million and a half.

I remain,

Gentlemen,

Yours obediently,"

Ongelukkig is daar g'n datum bo aan die brief nie, maar daar dit gevind is saam met papiere wat tussen 1870 en

1874 geskrywe is, meen ek dat 1872 baie naby die juiste jaartal is

Soos vantevore reeds aangehaal was beide Pannevis en Hoogenhout baie godsdienstige manne, en die feit dat duisende mense in Suid-Afrika die Hollandse Bybel nie behoorlik kon lees en verstaan nie, het hulle baie diep ter harte gegaan. Die mense moes die Bybel *in hulle eie taal* lees, anders sou daar baie siele verlore gaan wat gered kon gewees het. In die „Geskiedenis van Josef” sien ons weer dieselfde idee waar Hoogenhout sê: „En daarom moet daar tog vir hulle ook ’n Geskiedenis van Josef *in hulle eie taal* geskrywe word. Nou was daar ’n goeie ou vriend (Pannevis?) wat my gevra het om tog vir die Afrikaanse Lammertjies van Kristus se Kerk ook so’n boekie te skrywe; wat ek dan ook gedoen het.”

By Pannevis en Hoogenhout was die Heilige Skrif ’n noodsaaklike vereiste vir die voortbestaan van ’n volk. En hoe sou die Afrikaanse nasie sonder ’n Bybel wat in sy eie taal geskrywe was en wat hy kon verstaan ooit sy selfstandigheid as volk handhaaf teenoor die Engelse element? Ongetwyfeld dus moet Hoogenhout en Pannevis se ywer en entoesiasme vir die Afrikaanse Taal en die Eerste Afrikaanse Taalbeweging vir ’n groot deel gesoek word by hulle godsdienstige oortuigings.

Onder die skrywers van die Genootskap van Regte Afrikaners was C. P. Hoogenhout seker een van die mees verdienstelike. Die *Uitgesogte Gedigte* van Reitz bevat heelwat uit sy pen onder die skuilnaam, *Jan wat Versies Maak*, en baie van die inleidingsartikels van die ou *Patriot* was eweneens sy pennevrug. Etlike naweke het hy in die Pêrel by Ds. S. J. du Toit deurgebring en also sy vrye tyd aan die belang van die groot saak opgeoffer. In sy later lewe het ek hom meer as eens hoor sê dat S. J. du Toit een van die begaafdeste Afrikaners was wat hy ooit in hierdie land aangetref het.

Die letterkundige voortbrengrsels van die Eerste Taalbeweging word dikwels veroordeel omdat hulle nie van ’n besonder hoë peil is nie, veral waar dit die gedigte geld, en miskien sal dit vir die leser van belang wees om te verneem hoe C. P. Hoogenhout self oor die saak dink. „Ons strewende”, het hy opgemerk, „was om die mense sover te kry dat hulle moet lees, en in die eerste plek in hulle eie taal lees. As ons nou leesstof verskaf het wat bo-

die gewone man se vuurmaakplek was, dan het ons ons doel gemis. En daarom het ons tot die peil van die lesers afgedaal, en dat ons reg geoordeel het, bewys die teenswoordige Afrikaanse Letterkunde.”

Dat C. P. Hoogenhout ook werke van 'n hoër letterkundige gehalte kon lewer bewys die manuskrip wat in die besit is van die skrywer van hierdie skets. Dalk gebeur dit nog dat 'n volledige versameling van sy werke later in druk sal verskyn, want van kultuur-historiese waarde sal hulle seker wees; op die oomblik egter neem ons afskeid met die vrome hoop dat dit eerlang sal geskied.

N.B.—Von Wielligh maak gewag van hierdie brief in sy *Eerste Skrywers* en sê dat dit op 7 September 1872 geskrywe en gerig is aan die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

—o0o—